# *Abraham En Sy Saad Na Hom*

. . .maar sit. So bly om weer hier in Chicago te wees, om, in hierdie groot gemeenskap saam met die Volle Evangelie Christen Sakemanne, en die gemeenskap van die mense, en om by my te hê, wat my help, en een van my groot medewerkers, en broer, Tommy Hicks. En ons is onder die groot verwagtinge hierdie week, vir die Here om groot dinge vir ons te doen. En ek hoor dat hulle vergader het voor hierdie diens, en dit lyk asof daar 'n paar groot dinge bereik is, en ons verwag iets groter, soos ons aangaan na die eindtyd.

2 En nou, ons moet hier wees deur volgende Sondagmiddag, ek glo dit is reg. Toe Broer Carlson pas die stelling gemaak het dat hierdie bedienings, waardeur hulle moet gaan om daardie bedienings te maak, hoe waar! En Broer Joseph wat langs my gestaan het, hy het gesê: "Wel," het hy gesê: "as jy nie 'n soldaat is nie, word daar nie op jou geskiet nie." So ek het gedink dit was baie goed gestel, dit—dit is reg.

3 En soos die gevegte woed, wel, word jy 'n ware teiken, so daar's net een ding om te doen, die hele wapenrusting van geloof aan te trek, getrou aan God te staan, en vorentoe te marsjeer, dis al. God se leër trek nie terug nie, dit gaan aan. Baie van hulle val af aan die kant, en begin *dit*, *dat*, of die *ander*, maar die leër van God marsjeer vorentoe, ons gaan reguit aan en aan.

4 Nou, hierdie week. . .Ek het vir Billy oorgestuur omtrent drie-uur, of twee-dertig, en hy het gesê, hy het daar gebly tot drie en hy het twee mense gekry wat 'n gebedskaartjie wou hê, gesê dit was al. So, hulle het bekend gemaak ons sou vir die siekes bid, nou, as, miskien, Broer Hicks het 'n groot bediening van bid vir die siekes, en hy het dit waarskynlik alreeds gedoen.

5 En as, deur die week nou, ek Billy hier oorkant sal hê, net omtrent sesuur elke middag, of so-iets, om die gebedskaartjies uit te gee, as enigiemand, wanneer ons 'n paar mense kry wat voor gebid wil word, Broer Hicks, en ek, en die ander broers, sal vir die siekes bid regdeur die week; en ons verwag dat God ons gebed sal beantwoord.

6 In al hierdie jare, nou omtrent vyftien jaar op die veld om die wêreld, het ek nog nooit enigiemand in my hele lewe genees nie, maar ek het beslis 'n paar wonderlike antwoorde op gebed gehad, dat God die siekes, kreupeles, blindes en beproefdes genees het, totdat dit regtig was, vir my, een van die. . .'n opwindende vol lewe vir my. As ek vanmiddag geroep sou word, sou ek dankbaar wees teenoor God dat Hy my een ding laat weet het: Jesus Christus is my Verlosser, om te weet dat Hy nou lewe, en Hy nie dood is nie, maar opgestaan het, en lewe vir ewig.

7 En nou, vanmiddag voor ons die Woord nader, dat ek hierdie stelling wil maak, as julle my net 'n oomblik sal verskoon dat ek stop. Ek wil probeer om my boodskappe hierdie week, 'n bietjie korter as gewoonlik te maak. Ek is bekend dat ek preek vir omtrent van een tot tien ure, of so-iets, maar ek sal probeer om dit omtrent vyf-en-dertig, veertig minute hierdie week te maak, as die Here wil. So, mense, meeste van die mense wat ek ken, dink ek, is al die pad van die suidekant af, ek dink dis reg, van *daar* af, suidekant, en so—sodat julle betyds kan terugkom, terug kan wees vir die volgende diens.

8 Nou, voor ons die Woord nader, laat ons die Outeur nader, in gebed, terwyl ons ons hoofde buig.

9 Ons Hemelse Vader, ons is dankbaar teenoor U vir die voorreg om saam te vergader, op hierdie reënerige middag, in die Naam van die Here Jesus, nog een keer hierdie kant van Sy koms, glo dat ons eendag ons laaste keer sal vergader, tot daardie groot algemene vergadering in die Hemel byeengeroep sal word. Mag ons name helder en duidelik geskryf wees, gewas in die Bloed van die Lam, dat ons kan antwoord as die rol afgelees word, by die Bruilofsmaal. Dis waarom ons vandag hier is, Vader, is om ons harte voor te berei vir daardie groot gebeurtenis.

10 Ons bid dat U ons sal vergewe van ons tekortkominge, ons foute, die dinge wat ons gedoen en gesê het, wat nie reg was nie. Onthou ons net, Vader, dat ons menslik is en allerhande soorte foute maak. En as ons nie U belofte van U genade gehad het nie, sou ons almal verlore wees, maar dis deur U genade dat ons vandag staan as soldate, deur in geloof te glo, dat God ons gered het van 'n lewe van sonde, en van 'n Ewige straf, in die wêreld hierna.

11 Ons vra nou dat U al ons pogings sal onthou, U weet waarom hulle gedoen word, U weet waarom ons hier is, U weet wat ek vir Broer Carlson daardie aand oor die telefoon geantwoord het: "Ja, ek voel gelei." Nou, Vader, die res is in U hande, doen met ons soos U goeddink. Want ons gee onsself aan U met U Woord, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

12 Oorkant in die Boek van Kolo-. . ., uh, Galásiërs, liewer, vir 'n teks vanmiddag, wil ek die onderwerp neem uit die 3de hoofstuk van Galásiërs, en die 29ste vers.

> Want *as julle* in Christus *is, dan is julle die saad van Abraham en* is *erfgename volgens die belofte.*

13 En nou, benader ek hierdie onderwerp, vanmiddag, die derde keer wat ek het, in die laaste twee maande, wat ek oor hierdie onderwerp gepreek het. Hoekom ek dit gedoen het, is omdat ek gedink het dat—dat as ons nie 'n genesingsdiens gehad het nie, ek 'n bietjie meer tyd hieraan sou kon gee, want, volgens my opinie, is dit een van die groot, besondere boodskappe vir hierdie uur waarin ons lewe.

14 Eerstens wil ek net graag hierdie vraag vra: Hoeveel is hier wat Christene is, wedergebore Christene? Steek julle hand op, oraloor die gebou, oral. Ek glo dis eenhonderd persent, oral, wedergebore Christene.

15 Die—die opsigter sou, julle weet, ek's nie een van hierdie kolligpredikers nie, en ek sou, as jy daardie groot ligte sou afskakel, as dit . . . as ons dit kan doen, sal ek dit baie waardeer. Ek—ek hou nie van hierdie, wat hulle kolligte noem, en verskillende soorte ligte nie, ek hou net van die Heilige Gees-Lig, is omtrent die enigste Een waaraan ek kan dink, en hierdie ander ontstel my soort van net 'n bietjie.

16 En so nou, vanmiddag, het ek, julle julle Bybels het, en, miskien, 'n potlood en papier, wil ek graag hê julle moet hierdie neerskryf, en hulle bestudeer na die dienste verby is, en in die volgende week. Nou, ek glo ons word hier toegelaat tot omtrent watter tyd sal . . . ? Tot sesuur. Dit sal my een-derde daarvan laat voltooi. En so, dan 'n bietjie later, miskien kan ons 'n bietjie beter daarop ingaan.

Nou, dankie, meneer. Dis baie, baie goed. Nou lyk julle beter.

17 Ek—ek wil hierdie onderwerp neem, of die, uit hierdie onderwerp die konteks uithaal wat ek hoop om hierdie te wees: *Abraham En Sy Saad Na Hom.*

18 Nou ek wil graag maak . . . Ek glo hierdie is luidsprekers hier aan elke kant. En ek wil hê julle moet seker wees om hierdie in gedagte te hou. En ek gaan . . . Ek het twee bladsye van Skrifte hier uitgeskryf, wat ek graag na hierdie Skrifte vir julle wil verwys, omdat ek waarlik glo, met my hele hart, dat ons net in die middag van die tyd lewe, van die Aandligte wat uitdoof, en die—die koms van Christus op hande is. En ek glo wesenlik, en met die Bybel kan ek dit bewys deur die Skrifte, bo enige sweempie twyfel, dat ons aan die eindtyd is.

19 Nou, of ek julle daarvan kan oortuig of nie, weet ek nie, maar vir my, oortuig dit my beslis. En omdat ek nie bekwaam is in geleerdheid nie, daarom benader ek die Skrifte vanuit die standpunt van 'n tipe, en meer soos 'n tipoloog, om te tipeer wat was, wat sal wees, want ons weet dat die Skrifte almal 'n veelvuldige betekenis het. Dat, soos in Matthéüs 3, het dit gesê: "Uit Egipte het Ek my seun geroep," nou, as jy daardie verwysing sal terugneem, sal jy uitvind dat dit Jakob beteken het, Sy seun, en ook Jesus, Sy Seun.

20 So in tipering, sien ons waar die Ou Testament die Nuwe tipeer, en al hierdie verskillende skaduwees en tipes, soos die—die maan en die son is 'n tipe van Christus en die Kerk. En soos die son ondergaan, gee die maan lig in die afwesigheid van die son, net soos die Seun die aarde verlaat het om in die Heerlikheid in te gaan na die Vader, dan gee die Maan, die Kerk, die Lig. En

hoe die maan sy lig kry, die sonlig weerkaats na die aarde, vir ’n kleiner lig.

21 En al hierdie dinge, dit mag meer lyk soos ’n baba-vorm vir groot teoloë, maar ek glo nie ek praat met te veel van hulle nie, en as—as ek, verskoon julle dan my ongeletterde manier om dit te probeer aanbied. Maar ek wil vra dat julle dit deeglik sal ondersoek voor julle onbeleefd daarvan verskil.

22 Nou aan Abraham en sy Saad, ek gaan aan hierdie kant *hier* oorkant neem om Abraham te wees, aan *hierdie* kant neem, soos hierdie luidspreker, sy Saad na hom. Nou, *hierdie* luidspreker hier stel Abraham voor, en *hierdie* luidspreker stel sy Saad na hom voor.

23 Nou, die Bybel het gesê, hier oorkant in—in Galásiërs 3:29, “En as julle Christus s’n is, dan is julle Abraham se Saad, en—en erfgename volgens die belofte.” Nou, ons sal almal saamstem dat die belofte aan Abraham gegee is. En ons het dikwels gewonder, en ek het hierdie teks benader uit ’n ander hoek as wat ek vanmiddag beplan. Ek het dit benader uit die oogpunt van geloof vir die Kerk, die gelowiges, ensovoorts, om geloof te bou op genesing, maar omdat vanmiddag, hulle nie, niemand het, vir die kaartjies nie, toe het ek gedink dit sou my ’n tyd gee om dit te verduidelik, terwyl ons ’n kans gehad het.

24 Nou, Abraham, ek wil hê die gemeente moet dit saam met my sê, die—die hele klas, wat ek julle sal noem, om dit saam met my te sê, aan *hierdie* kant is Abraham: “Abraham en sy Saad na hom.” Nou, die belofte is gemaak aan Abraham, en (voegwoord wat die sin verbind), Abraham *en* sy Saad na hom. Dan het die Skrif gesê: “As julle in Christus is, dan is julle Abraham se Saad.” Is dit reg?

25 Nou, hoe kom ons in Christus? Die onderwerp begin hierby: Hoe kom ons, Christus? Dis wanneer ons is, Christene word. Hoe word ons Christene? Wanneer ons gevul is met die Gees van Christus, dan word ons lewe beheer deur die Lewe van Christus, wat in ons is.

26 Nou, soos as ’n wingerdstok voortgebring het, ’n—’n wingerdstok, dit—dit druiwe voortbring, en ’n waatlemoenrank ’n waatlemoen voortbring, dan as Christus in jou is, dan sal die lewe wat Christus gelewe het, en die werke wat Christus gedoen het, jy dit ook doen. Hy het so gesê in Johannes 14:7, of :8, glo ek is dit, het dit gesê: “Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen, en meer as hierdie sal hy doen, want Ek gaan na die Vader.”

27 Nou, belofte gemaak aan Christus, of, aan Abraham, en sy Saad, en ons wat in Christus is, is Abraham se Saad. Nou, hoe kom ons in Christus? Kom ons in Christus deur ’n belydenis? Nee. Kom ons daarin, na Christus deur by die kerk aan te sluit? Nee. Kom ons in Christus deur waterdoop? Nee. Hoe kom ons

in Christus? Een Korinthiërs, die 12de hoofstuk, het gesê dat "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam," wat die Liggaam van Christus is. Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam, en word lede van hierdie Liggaam.

28 Nou, ons onthou dat deur hierdie Heilige Gees ons in die Liggaam van Christus ingebring word en vry van die oordele van God. Ons kan nie in die oordeel kom nadat jy in Christus is nie, want Christus het die oordeel vir jou geneem. Hy het in die plek gestaan, net soos Adam. In die begin is Adam nie verlei nie, en Twee Timótheüs sê vir ons so, gesê: "Adam is nie verlei nie, maar Eva het haar laat verlei in die oortreding."

29 Nou, Adam was nie verlei nie, hy het presies geweet wat hy gedoen het, maar Eva is verlei, sy het gedink sy doen wat reg was. Satan het haar omtrent vyf-en-negentig persent suiwer Evangelie gegee, en die ander vyf persent was genoeg om dit te weerlê. So ons moet wees, nie net deel van Evangelie nie, ons moet volle Evangelie wees. Ons moet die hele Woord hê, want die antichris is 'n gedeeltelike Evangelie prediker, ons weet dit, en sy werke is gedeeltelike Evangelie.

30 Jesus het gesê, in Matthéüs 24:35, dat die antichris, in die laaste dae, so naby soos die ware Christus sou wees, totdat dit die einste Uitverkorenes sou mislei, as dit moontlik was. Ek het ons Broer Billy Graham hoor sê 'n paar dae gelede, in 'n boodskap: dat die antichris alreeds die Uitverkorenes mislei het, maar dit is nie so nie. Broer Billy, ek, wat nie verskil van 'n groot evangelis soos daardie nie, maar hulle kan nie (*As* dit moontlik was, maar dis nie moontlik nie.), want die Kerk is uitverkies tot Ewige verlossing, en daar's niks wat Hulle kan skei nie, Hulle is Christus s'n, en dit—dis dit. Hulle is in die Liggaam van Christus, en niks kan Hulle skei nie. En dis deel van die onderwerp vanmiddag.

31 Nou, gaan ons benader en uitvind wat Abraham was, en dan wat sy Saad na hom sou wees. En nou, ek wil dit nou graag sê met betrekking tot: Die eerste Kerk wat, Christen Kerk, wat gestig is, is gestig in Jerusalem op die Dag van Pinkster. Elke teoloog sal moet saamstem daarmee, elke teoloog neem hulle kerk terug na daardie tyd; die Katolieke kerk. En dis waar, die Katolieke kerk het begin op die Dag van Pinkster, presies reg.

32 Maar verder binne omtrent tweehonderd jaar daarna, driehonderd jaar later, het hulle dit verlaat, en in 'n organisasie ontaard. En toe het hulle 'n groot, universele kerk georganiseer, wat *Katoliek* beteken "universeel," en van daar af het hulle 'n apostoliese opvolging begin hê, en 'n ander man opgebring om Petrus se plek in te neem, en pouse, hulle het hulle na biskoppe begin noem, en aan en aan. En hulle het eintlik by Pinkster begin, dis reg, want die hele Christendom het by Pinkster begin.

33 Nou, die ding wat ek wonder, as ons almal glo dat ons destyds daar begin het, waarom maak ons dan nie soos hulle destyds daar gemaak het nie? Waarom het ons nie die seëninge van God op die Kerk soos hulle toe gehad het nie? laat ons Katoliek wees, of wat ons ook al is. Waarom het ons dan nie dieselfde Gees, wat beweeg en dieselfde werke doen wat hulle destyds daar gedoen het nie? Is dit omdat ons *een of ander ietsie* kry, en daarop vashaak, en 'n doktrine daarvan maak, en 'n punt, en dit organiseer, en dit so laat gaan, en dan sê ons: "*Hier* is ons!" God gaan net weg en verlaat ons.

34 Dis net wat Hy gedoen het met Katolieke, Lutherane, Presbiteriane, Baptiste, Metodiste, en Pinksters, en aan en aan, Hy het dieselfde ding gedoen. En Hy sal voortgaan om dit te doen, wanneer jy 'n streep trek en sê: dat "Wel, ons gaan onsself saam groepeer, en onsself afsonder van die res van hulle." Die Bybel het gesê hulle sou dit doen in die laaste dae, skynbaar sonder die geloof. En dis reg. Ons wil die geloof hê wat eers was.

35 Nou, ons begin daar, en weet dat dit die begin van die Kerk was, en dat almal, hoofsaaklik, in die begin, Jode was. Nadat die Joodse mense ge-evangeliseer het, toe het dit in die Romeine ingegaan, en na die Grieke, ensovoorts, en begin, maar die hervorming het gekom in die, destyds in die vroeë vyftienhonderds, en daar het begin, die Christenkerk, begin om homself te organiseer, of homself te vergader, en ons lewe nou in die laaste kerktydperk, die Laodicése, volgens die Skrif.

36 Nou, *dit* is die Abraham, *hierdie* is sy Saad na hom. Nou, blaai as julle wil, na Génesis 12, en ons begin waar God vir Abraham geroep het. En nou, die eerste ding wat ek wil hê julle moet weet, dat toe God, in Génesis 12, vir Abraham geroep het, dit deur uitverkiesing was. Dit was nie omdat Abraham goed was nie, dit was nie omdat Abraham dit verdien het nie, dit was omdat God vir Abraham gekies het, nie Abraham wat vir God gekies het nie, dit was God wat vir Abraham gekies het. En dis hoe Hy ook sy Saad roep, nie wat jy wil wees nie: "nie hy wat wil, of hy wat loop nie, maar God wat barmhartigheid bewys." Is dit Skrif? Sekerlik. Dis nie wat jy wil wees nie, dis wat God jou gekies het om te wees.

37 Abraham en sy Saad na hom, nie *sade* nie, nou, *Saad* na hom, nou, die beloofde Saad. Nou, ons vind uit dat toe God vir Abraham geroep het, dit deur uitverkiesing was. Ek het mense baiekeer hoor sê: "Ek het God gesoek, ek het God gesoek." Nee, ek verskil van jou. Jy het God nooit gesoek nie, God het jou eerste gesoek. Jy soek nooit na God nie, dis God wat na jou soek. Dis jy wat nie wil oorgee aan God nie.

38 Dis net soos wat as jy vir die vark kon sê, in die varkhok, dat—dat hy nie slyk moet eet nie. As hy kon praat, sou hy vir jou

sê: "Wel, sorg jy vir jou eie sake." Sien? Totdat sy natuur verander is, dan sal hy altyd 'n vark bly.

39 Jy bly altyd wat jy, 'n sondaar, omdat jy in sonde gebore is, gevorm in ongeregtigheid, in die wêreld ingekom en leuens gespreek. En jy's 'n sondaar van geboorte. En, kyk wat Adam gedoen het, sodra hy 'n sondaar geword het, het hy nooit vir God probeer soek nie, dit was God wat vir Adam gesoek het. Hy het regtig die menslike ras net daar verteenwoordig, toe hy homself versteek het agter 'n paar vyeblare, wat hy self gemaak het, soos die meeste mense vandag maak: "Ek behoort aan die kerk, en ek het my vyeblaarvoorskoot aan." Maar dit was God wat na die, Adam gesoek het, en nie Adam wat na God gesoek het nie.

40 Dit moes Adam gewees het wat geskree het: "Vader, Vader, waar is U?" In plaas daarvan, was dit God wat gesê het: "Adam, Adam, waar is jy?" En dis dieselfde ding vandag, so daar's net nie een stukkie goedheid aan ons, dat ons kon sê ons het enigiets te doen gehad met ons verlossing nie. Dit was God wat ons geroep het deur uitverkiesing.

41 Nou, ek wil hê julle moet in gedagte hou, van drie. Daar is altyd drie klasse mense op aarde. Hulle het van drie rasse mense gekom, hulle het van Gam, Sem, en Jafet gekom. Ons weet dat Petrus op die Dag van Pinkster, toe Jesus vir hom die sleutels gegee het om die Evangelie vir die Jode oop te maak, toe aan die Samaritane, en toe aan die Heidene, dit was, dit voltooi het. Volgens die Skrif, kom al die rasse van die aarde van daardie drie seuns af.

42 En nou, daar's drie klasse mense wat altyd in elke gemeente is, oral teenwoordig, waar jy hulle ook al vind, dis gelowiges, skyngelowiges, en ongelowiges. Jy vind daardie drie klasse mense waarskynlik in elke kerk wat daar in die wêreld is, is skyngelowiges, en ongelowiges, en gelowiges.

43 Nou, Abraham, geroep deur genade, nou, God het nie gesê nie, en let op, God toe Hy Abraham geroep het, het Hy nie gesê: "Abraham, *as* jy 'n sekere ding sal doen, sal Ek 'n sekere ding doen." Hy het gesê: "Abraham, Ek het dit alreeds gedoen. Nie wat jy gedoen het nie, wat Ek gedoen het!" Wat God gedoen het, het Hy gesê.

44 Nou, toe Hy 'n verbond met Adam gemaak het: "As jy nie aan daardie boom sal raak nie, sal jy vir ewig lewe," het Adam dit verbreek. Moses en hulle: "As julle die gebooie onderhou, sal Ek—sal Ek *so-en-so* maak, as julle die gebooie breek, sal Ek *so-en-so* maak." Wanneer God 'n verbond met die mens maak, verbreek die mens sy verbond met God. Maar sodat die Uitverkorenes, die Kerk, die uitverkore Mense, die uitgeroepte, afgesonderde groep Mense met sekerheid gered sou word, het God hulle geroep deur Sy genade.

45 Nie dat God sou sê: "Ek kies *jou* en veroordeel *jou* nie." Nooit. Maar as Hy oneindig is... Hoeveel glo Hy is oneindig? Wel, toe het Hy geweet van die be-... Hy het van die begin af geweet wat die einde sou wees. Dis wat die Skrifte sê, Hy's alomteenwoordig, alwetend, almagtig, en oneindig.

46 Nou, as Hy oneindig is, deur Sy voorkennis, het Hy geweet wie na Hom toe sou kom, en wie nie na Hom toe sou kom nie, Hy het geweet wie gered sou word en wie nie gered sou word nie. Dit sou beslis Romeine 8 en 9 vir julle opklaar, as daar enige vraag oor God is, of Hy Sy kinders deur uitverkiesing roep of nie. Want daar, Paulus wat praat van Esau en Jakob, voor enige kind gebore is, nie eens geweet wat reg of verkeerd was nie, het God gesê: "Ek het vir Jakob lief en—en haat vir Esau," voor enige kind 'n—'n—'n manier gehad het om selfs 'n keuse te maak. Maar God het van die begin af geweet wat Esau was, Hy het geweet wat Jakob was.

47 En God het in die begin geweet wat jy was, en wat jy nie is nie. So, daarom kan ons niks anders wees as wat... As ons nie kan wees soos iemand anders nie, laat ons net wees wat God ons gemaak het, dis al wat ons kan doen. Enigiets anders as dit, sou dit skynheiligheid wees, sou ons 'n skynheilige wees, so ons wil nie dit wees nie, dit sou beter wees, om 'n ongelowige te wees as om 'n skynheilige te wees. Laat ons net wees wat ons is.

48 En al hierdie dinge moet—moet saamwerk om die groot wiele van God te laat voortgaan, en nie een ding loop verkeerd nie, ek sal julle dit waarborg. Alles... Dink julle die duiwel kan God ooit oorwin? Goeiste! Beslis nie. So hy kan nie. God, alles, laat dit meewerk ten goede vir hulle wat Hom liefhet, Hy laat alles net presies reg intrek. Die enigste ding waarmee Hy probleme het, is om ons terug te ruk in die ry, waar ons behoort te wees, dis waar God Sy probleem het.

49 Nou, Hy het vir Jakob geroep, nie, uh, vir Abraham geroep, vergewe my, deur uitverkiesing en deur genade, en vir hom Ewige Lewe gegee, en vir hom gesê Hy sou na hom toe kom op 'n ouderdom, hy hoef nie een ding daaraan te doen nie. Enigste ding, dit was deur genade, en dis presies hoe die Kerk vandag geroep word, is deur genade word jy gered deur geloof, en ons weet dis reg.

50 God het die Kerk geroep deur Sy genade. As dit nie was, vandag, vir die genade van God nie, sou jy hierbuite in die reën gewees het en iewers na 'n balwedstryd gekyk het, sou jy hierbuite op die hoofwëe gewees en rondgeloop het, sou jy iewers in 'n kroeg gewees het, uit saam met 'n man se vrou, of 'n vrou se man, sou jy gewees het, buite in die wêreld, maar dis deur die roeping en genade van God, dat Hy jou gedagtes verander het, julle nuwe skepsels gemaak het in Christus Jesus, en ons siel kyk op na Hom, vandag, met verwagtinge van Sy koms.

51 Daarom oorkant in Kolossense vind ons, Kolossense 3, dit gesê het: "Moenie mekaar bedrieg nie, en al hierdie dinge wat julle altyd gedoen het, lê daardie dinge af, geen boosheid, geen twis, en alles, en hê mekaar lief. Want ons lewe, ons is dood, ons lewe is verborge in God deur Christus en daar verseël deur die Heilige Gees. En wanneer Christus, wat ons Lewe *is*, sal verskyn, sal ons saam met Hom verskyn." O, wat 'n—'n man . . . Wat dit kon doen aan 'n man of vrou wat daardie hoop het wat vandag in hulle lewe, om te sien dat ons in die laaste dae is, en te weet dat ons Lewe, Christus, wanneer Hy verskyn, ons lewendig saam met Hom sal verskyn! Amen. Ons het nou die Onderpand daarvan, deur die Heilige Gees.

52 God het Abraham geroep, en let op, toe God Abraham geroep het, het Hy hom geroep om homself te skei van al die res van die ongeloof. Maak nie saak hoe godsdienstig hulle was, hoe vroom hulle was, hoe gaaf hulle was nie, Hy het gevra vir volledige skeiding. En God, wanneer Hy 'n mens roep, roep Hy hom tot volledige skeiding, as hy die Saad van Abraham is, om jouself te skei van die dinge van die wêreld, van hierdie moderne lewe.

53 O, die predikers, vandag, het so 'n tyd om hulle mense te kry by 'n biduur op Woensdagaand, hulle—hulle hou van televisieprogramme, en—en hulle hou van vermaaklikheid. Sondag, hulle wil nie Sondag kerk toe kom nie, baie van hulle. Hulle sê vir my, die predikers, dat die kerkbanke leeg is, leegloop, omdat mense begin gaan . . . Die wêreld bied soveel klas, en soveel *spoggerigheid*, en—en klatergoud op die dinge van die wêreld, en die mense val daarvoor.

54 Nou, dit wys dat hulle aan die begin niks gehad het van die begin af nie. Want as jy God liefhet, ek . . . kan jy nie, kan jy jou nie met draad weghou van die kerk af nie, kan hulle jou nie met kettings weghou daarvan nie, hulle kan nie 'n gelowige van God weerhou nie.

55 Hy, in sy hart, o, hy mag heeltemal mislei wees. Nou, daar's baie mense wat werklik dink dat hulle reg is, maar as jy net sou stop en jou lewe dophou, sou jy sien hulle is . . . die Gees van God is nie daarin nie. As dit nie ooreenstem met hierdie Bybel nie, dan is daar iets verkeerd met die ondervinding wat jy het. So jy moet terugkom en oplyn met die Woord om te sien of die Lewe van God in jou is.

56 As jy liewer vir die wêreld is as wat jy vir biduur is, as jy liewer 'n televisieprogram wil kyk as om te bid, is daar iets verkeerd met jou. As jy liewer 'n Sondagmiddagrit wil neem in plaas van om kerk toe te gaan, is daar êrens iets verkeerd met jou, "Want waar jou hart is, daar is jou skatte ook," het die Here Jesus gesê. Jou hart is daarin ingebou, jy's 'n deel daarvan, jy word 'n deel van Christus, omdat jy ingebou is in die struktuur van Christus, want jy is die Bruid van Christus, as jy Hom liefhet.

57 Nou, God het hom geroep deur uitverkiesing, het hom die verbond gegee in Génesis die 12de hoofstuk, nou, ons wil dit onthou, en 'n totale skeiding gevra van al die dinge van die wêreld. Nou, Abraham het God nie gehoorsaam nie. Nou, ek gaan dit noem. . .

58 Nou, as daar. . .As ek een woord hier sê, vanmiddag, wat teen enigiemand se geloof is, wel nou, jy moenie net opstaan en uitgaan nie, want dit wys jou opvoeding. Sien? Maar net, dit. . . Laat ek dit sê: Ek glo as 'n man 'n Katoliek is, en hy maak staat op die Katolieke kerk vir verlossing, is hy verlore. Ek glo as 'n man aan die Katolieke kerk behoort en op Jesus Christus vertrou vir verlossing, is hy gered. As hy 'n Baptis is, of 'n Pinkster, en staatmaak op die kerk vir verlossing, is hy verlore. As hy op Jesus Christus staatmaak, is hy gered, want deur geloof word jy gered deur genade. Sien, dis jou—jou persoonlike geloof in Christus wat jou red.

59 En geen kerk kan jou red nie, geen organisasie kan jou red nie, geen groep mense kan jou red nie, dis Christus, en Hy alleen, dat jy gered is. En so, jy moet dit in gedagte hou. So, nou, as ek 'n denominasie tref vanmiddag, of iets waaraan—aan wie jy behoort, sit asseblief net 'n bietjie stil hier, totdat ek hierdie punt maak vir die mense, as julle sal.

60 Nou, ons vind uit dat regverdigmaking, God het Abraham geroep deur regverdigmaking, en deur genade het Hy hom geroep, deur uitverkiesing, is hy uitverkies, deur genade is hy geroep en die verbond met Hom gegee. Voordat Abraham een woord gehad het om te sê of dit reg of verkeerd was, of hy wou, of nie wou nie, God het hom geroep. Is dit reg? Nou, lees julle die eerste, die 12de hoofstuk van Génesis, die eerste, omtrent die eerste tien, of vyftien verse, en julle sal dit begryp. Goed.

61 Nou, en dan let ons op dat in die 15de hoofstuk van Génesis, nou dis wat God iets anders aan Abraham gedoen het. Nou, hoe het ons genoem die. . .? Hoe het Hy Abraham geroep? Deur geloof, hom deur genade geroep, hom deur genade gered, hom geregverdig deur genade. Is dit reg? Hoe het Hy die Kerk, Abraham se Saad, geroep? Deur geloof, deur genade, regverdigmaking deur genade, deur geloof, net soos Hy Abraham het, so het Hy die Saad van Abraham na hom. Almal wat dit glo sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. Daar's regverdigmaking.

62 Nou, watter kerk sou regverdigmaking voorstel? In die eerste hervorming was Martin Luther, wat uitgekom het om regverdigmaking deur geloof te preek, almal van ons weet dit. Daardie jong Duitse priester, wat die nagmaal op die altaar neergegooi, en gesê het dat dit nie die Bloed van Jesus Christus was, of, die kosjerbrood nie, dat hy geweet het dit was net die brood, en—en wyn, so hy—hy het dit op die altaar neergegooi

en gesê dit verteenwoordig die liggaam van Christus. En dis die verskil wat Katoliek van Protestant skei. Een het gesê, Katoliek sê: "Dit *is* die liggaam van Christus." En die ander het gesê: "Dit *verteenwoordig* die liggaam van Christus."

63 Nou, Luther het gesê: "Die regverdige sal deur geloof lewe." En dis presies die eerste roeping van die Saad van Abraham na die honderde jare van donker eeue, om die Kerk te vorm wat in die Wegraping sal gaan. Nou, bly 'n oomblik daarop. Nou, hoe het Hy Abraham geroep? Génesis 12 nou, deur geloof, regverdigmaking deur geloof, het Hy die Saad van Abraham die volgende geroep, wat deur geloof was, deur regverdigmaking.

64 Nou, Abraham het God nie ten volle gehoorsaam nie. Totdat hy God ten volle gehoorsaam het, het God nooit die verbond aan hom bevestig nie. Nou, in die 15de hoofstuk vind ons uit dat Hy die verbond aan Abraham bevestig het. Hoe het Hy dit gedoen? Let op, Hy het vir Abraham gesê in die 15de hoofstuk, julle sal dit oplet: Dat Hy vir hom gesê het om 'n vers van drie jaar oud te neem, 'n bok, en skaap, drie jaar oud, en hulle middeldeur gedeel, en hulle aan Hom te offer.

65 En Abraham het hierdie drie diere van drie jaar geneem, soos ek julle gesê het, drie skeidings, die drie soos die drie-eenheid, ensovoorts, die drie, nou, ons sien dat hy hierdie oopgesny en hulle geskei het. Toe het hy twee gesit: 'n tortelduif, en 'n jong duif daarin, hy het nooit daardie voëls verdeel nie, want van die Ou Testament na die Nuwe Testament, is die bloed vir die offer verander. Maar tortelduif en duif het genesing verteenwoordig, want ons weet dit was die reiniging van melaatsheid ensovoorts, vir genesing. En genesing was altyd gebaseer op jou geloof in God. Dan as ek sê . . .

66 Jy sê: "Genesing was nie ingesluit in die Nuwe Testament, in die nuwe versoening nie."

67 Wel, as die ou versoening genesing daarin gehad het, is hierdie nie 'n beter een nie? Hoe kan jy dan sê dit is nie? Maar dis alles dieselfde gebaseer.

68 Soos Broer Hegre, of sommige van hierdie broers nie lank gelede nie, die Lutherse broers, wat vir my gesê het hulle ken 'n heks wat die mense genees het, ek het gesê: "Nee, jy het nooit nie. Jy het nooit enige heks 'n persoon sien genees nie." Tog, was ek in Afrika en het hulle gesien, dat hulle voor die toordokter verskyn en genees word. In La Salle, Lorraine, Frankryk, is daar 'n plek daar, onder by—by die, daar langs die, ek dink dis die Seinerivier waar dit is, waar die kerk van Notre Dame, daar 'n dooie vrou daar begrawe is, die yslike groot plek blinkgevryf waar hulle daar gaan, en dit vryf om plae van die stad af te hou, hierdie rots bokant hierdie dooie vrou. Wel, sekerlik. En dinge gebeur. Sekerlik, dis die benadering. Die mense dink hulle nader

God deur daardie afgod, mense dink hulle nader God deur die toordokter.

69 En baiekeer, mense op die velde vandag hier in Amerika, sê manne: "Kom net, o, ek—ek het genesing." Dit—dis verkeerd. Die goeie, opregte Evangelie leraars leer dit nie so nie, hulle leer dit dat Christus jou in die versoening genees het. En hulle is hier, net as manne van God, dis geloof, om te glo en vir julle te bid. Maar wanneer jy iemand hoor sê: "Ek kan jou genees, ek het genesing, ek het *hierdie* gedoen," is dit verkeerd. Christus het dit vir jou gedoen toe Hy op Gólgota vir jou gesterf het. Dis die seëning wat aan jou behoort. Dis jou . . .

70 En hierdie mense nader hierdie afgode, en beelde, en toordokters, en fortuinvertellers, en al daardie verskillende dinge soos daardie, hulle word genees omdat hulle geglo het dat hulle, daardeur, vir God nader, en Goddelike genesing is gebaseer op—op geloof, as jy dit glo.

71 Nou, dis waarom die tortelduif en duif nie verdeel was nie. Ek het julle gesê ek sal eendag daarby uitkom, en ek het gedink omdat ek soveel tyd het as wat ek vanmiddag het, ek sou probeer om daarby uit te kom vir julle. Dis waarom dit nie was, hulle nie verdeel was nie. Maar die ander was verdeel, in twee gesny.

72 Nou, wat het God gedoen? Om hierdie diere dood te maak, het dit bloed gekos, vir die offerande om vir die reiniging van sonde te wees, moet daar 'n bloedoffer wees. God het dit in Génesis gebaseer, toe die mens vir homself 'n organisasie probeer bou het, of een of ander soort vyeblaarvoorskoot, en daarby verby te kom, het God geweier om na hom te kyk.

73 En God, wanneer God eenmaal 'n—'n stelling maak, wanneer God eenmaal enigiets sê, wanneer God ooit eenmaal op die toneel geroep word om 'n besluit te neem, moet daardie besluit wat Hy maak, vir die Ewigheid staan, want Sy Woord is volmaak. Hy kan nie teruggaan en sê: "Ek was gister verkeerd, Ek weet meer daarvan vandag," nie. Hoe kan Hy oneindig wees en—en 'n stelling maak, en—en dit dan terugtrek? Hoe? Dit gee ons vertroue in die Een waarvan ons praat, God, Hy kan nie faal nie.

74 As God ooit geroep was om 'n siek man te genees, en Hy het hom genees op grond van sy geloof, as 'n ander man op dieselfde gronde kom, moet Hy daardie selfde voorwaarde nakom, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste mens genees het. Sekerlik.

75 As Hy 'n man gered het op grond van geloof, hoe gaan ons dan inkom met kerkaansluiting, en besprinkeling, en dope, ensovoorts? Dis deur geloof, deur genade, deur die krag. God, deur iets wat jy was . . . iets wat jy God se vereiste nagekom het, en Hy het jou geroep en jou lewe verander voor jy enigiets daaraan kon doen.

76 Wel, daar's niks in jou nie, jy's 'n sondaar om mee te begin, en daar's niks daar om te verander nie, so God het, deur Sy

genade, jou vooraf geken, en jou geroep na Sy bediening, en na Sy Bruilofsmaal. Julle sien, dis niks waaraan jy hoegenaamd kan doen nie. Alles God se genade, God het dit deur genade gedoen. “Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het,” nie skyn-glo nie, maar: “glo in Hom wat My gestuur het, het,” teenswoordige tyd: “ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe.” Amen.

77 Hoe gaan ons daarby verbykom? Daar’s soveel skyngeloof, wat staatmaak op sensasies en verskillende dinge soos daardie, maar wanneer jy dit in jou hart glo, wanneer iets met jou gebeur het, dat God dit gedoen het, en God is die enigste Een wat dit kan doen, so God sit dit, deur genade en uitverkiesing, in jou hart om dit te glo. Dit was nie daar om mee te begin nie, en jy het geen manier gehad om dit daar te sit nie, God het dit daar geplaas, en jy het op die roepstem geantwoord.

78 Nou, let op, in Génesis die 15de hoofstuk, toe Hy Abraham die skeiding geleer het, toe Abraham gereed was om homself te skei deur, van ongelowige Lot, die louwarm kerklidmaat, toe Lot afgegaan het in Sodom, en—en die burgemeester van die stad geword het, en vir hom ’n mooi kerk daaronder gebou het, of iets, wat hy ook al gedoen het, toe het God Abraham ontmoet, en hulle het ’n bloedoffer vir skeiding geoffer, en die verbond aan Abraham bevestig. Amen. Want sonder die vergieting van bloed is daar geen skeiding van sonde nie, sien, dis deur die gestorte bloed.

79 Nou, let op wat Hy. . .wat gebeur het, Hy het die diere geneem en hulle middeldeur gesny. Abraham het dopgehou totdat die son ondergegaan het, en daar ’n—’n diep slaap Abraham oorval het. En toe hy opgelet het dat die diep slaap gekom het, het dit die dood beteken, dis bestem vir ons almal, ons kom almal daar na daardie groot, Ewige slaap.

80 Nou, ons het onmiddellik daarna opgelet, hy het voor hom gekyk, en ’n groot verskrikking van duisternis en ’n rokende oond. Wat is dit? Hel. Onder deur die vallei van die skaduwee van die dood, gaan elke mens in die hel in, dis waar hy hoort, en toe net verby dit het ’n klein, wit Liggie gegaan, wat ingegaan het tussen elkeen van daardie stukke vleis. Die verbond wat aan Abraham bevestig is deur die Here God, dat hoe Hy Abraham sou neem en hom ’n vader van nasies sou maak, hoe Hy Abraham en sy Saad sou red, Hy het ’n bevestiging van die verbond gemaak deur die gestorte bloed van die rein, geofferde diere.

81 Nou, hoe maak ons ’n verbond? Sê byvoorbeeld, Broer Carlson hier, staan op, net ’n oomblik, Broer Carlson, as ek sou sê, Broer Carlson sê: “Broer Branham, sal jy na Miami toe kom, na die diens?”

82 Ek sou sê: “Wel, kom ons dink daaroor, Broer Carlson.” Ek sou sê: “Wel, ek glo so. Goed, ek sal kom, Broer Carlson. Skud.”

Sien? Dis 'n verbond. "Ons sal daar wees." Dis reg. Dit het dit. Sien? Ons sal die verbond so maak. Dis hoe ons 'n verbond maak.

83 Hoe. . .? Julle weet in Japan hoe hulle 'n verbond maak? Hulle gaan uit. . .Ons gaan uit om te eet, gewoonlik. Die Japannese kry 'n klein soutpotjie, en gooi 'n bietjie sout op mekaar, dis hoe hulle die verbond met mekaar maak, want sout is 'n kontak, dis 'n geur, julle sien. So hulle gooi sout op mekaar, maak 'n verbond.

84 Maar in die dae van Abraham, weet julle hoe hulle toe 'n verbond gemaak het in die oostelike oosterse lande? Hulle het 'n dier doodgemaak en hulle het tussen hierdie dooie stukke dier gestaan, hulle het op die perkament geskryf, of die lam se vel, wat dit ook al was, en hierdie Joodse skrif geskryf, die verbond, wat dit ook al was. En dan, hulle, oor hierdie dooie dier se liggaam het hulle 'n eed afgelê, dat as hulle hierdie verbond verbreek het, laat hulle in stukke gesny word, soos hierdie dooie dier was. Dan het hulle die vel geneem en dit uitmekaar geskeur, en een het een stuk gehou, een het die ander stuk gehou. En dan wanneer hierdie verbond teruggebring is, of, wanneer die verbond vervul is, dan moes hierdie twee stukke presies inpas, en daardie vel en daardie letters moes ooreenstem, letter vir letter.

85 Dis hoe die verbond met Abraham bevestig is. Daardie, Hy het daarin gewys wat Hy sou doen, in die tye wat sou kom, met die Koninklike Saad wat Hy hom belowe het, al was hy nog sonder enige kinders. Hy het hom die seun belowe, dat hy dit sou kry. Hy was vyf-en-sewentig jaar oud, en Sara was vyf-en-sestig toe die belofte gemaak is, en dit was vyf-en-twintig jaar later voor die—die belofte ooit vervul is. Maar God het Sy belofte aan hom gehou, omdat Abraham geloof in God behou het.

86 Nou, die heeltyd, in plaas van om swakker te word, het Abraham sterker geword, het die Bybel gesê. Hy was sterker, God geprys, hy het geweet dit sou gebeur. Maak nie saak hoe lank dit talm nie, dit gaan gebeur, gaan gebeur.

87 Soos mense vandag, hulle sê: "O," die Bybel het gesê, het hulle gesê: "Daar is geen verskil vanaf die tyd toe ons vaders ontslaap het nie. O, ek het daardie 'koms van die Here' gehoor vandat ek 'n klein kindjie was, my ma het gesê sy het haar ma daaroor hoor praat, daar's glad nie so-iets nie." Julle sien, dan gaan hulle uit en eet, drink, en wees vrolik. Sien julle dit? Hulle gaan uit en begin, want hoekom? Daar was nog nooit enige bevestiging daarvan in hulle hart nie.

88 Maar wanneer God dit eenmaal in jou hart bevestig, in plaas van kry-. . .as jy 'n ware, ware Saad van Abraham is, in plaas van om swakker te word soos jy die dae sien verbygaan, sal jy die heeltyd sterker word. Jy sê: "Wel, as ouma dit nie gesien het nie, en moeder het dit nie gesien nie, as ek dit nie sien nie, sal ek daarna soek. En as ek nie, sal my kinders dit sien. Ons is, ek

glo dit. Ek ontslaap in die eerste, tweede, derde, vierde, vyfde, sesde, of sewende waak," óf kerktydperk, die eerste kerktydperk, óf tot die laaste kerktydperk, daardie wake, wat wake is, "As ek in elkeen van hulle ontslaap, maak nie saak waar dit is nie, ek sal wakker word in Hom daardie oggend. So ek gaan gereed wees, glo dat Hy in hierdie tydperk kom."

89 Nou, maar wanneer hy traag raak, en sê: "Wel, ek het—wel, ek het daardie goed gehoor," en aangaan, sien, dis nie Abraham se Saad nie. Abraham se Saad neem nie terug nie. Hulle is nie op en af, en in en uit, en eendag teruggeval, en kerk toe gaan die volgende dag, en dan terugkom, hulle bly sit. Broer, hulle is in Christus, en daar staan hulle, daar's niks wat hulle kan skud nie. Waarom Jesus gesê het: "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, die poorte van die hel kan Dit nie oorweldig nie." God het klaar die verbond gemaak met Abraham en sy Saad na hom, en daardie Kerk daar sal wees sonder vlek of rimpel, jy kan net daarop staatmaak.

90 So, julle sien, hierdie, hierdie stuk materiaal, of—of lap, dit was in daardie dae, nie lap nie, maar 'n vel, was uitmekaar geskeur, een man het een stuk geneem, die ander man het die ander stuk geneem. En dan, wanneer hierdie verbond vervul is, dan kom hulle weer bymekaar, en daar's geen manier om dit na te boots nie, want hierdie twee stukke moes net presies dieselfde wees in die vel en ook in die—die skrif, hulle moes letter-vir-letter ooreenstem.

91 Nou, dis presies wat God gedoen het met die Koninklike Saad van Abraham. Nou, ek weet Isak was die Saad van Abraham, potensieel, wel, dit was die natuurlike saad van Abraham, maar nie die ware Saad van Abraham nie, die ware Saad van Abraham was Christus, die Koninklike Saad. Isak was net 'n plaasvervanger totdat Christus gekom het, wat die Saad van Abraham was. Nou, en dan glo die ware Saad van Abraham die belofte, net soos Abraham het, want dis vir Abraham en sy Saad na hom.

92 Nou, kyk wat God met die Koninklike Saad gedoen het om die verbond te bevestig: Hy het Christus geneem, wat die Saad van Abraham was, op Gólgota het Hy Hom uitmekaar geskeur. Hy het die Gees van Hom afgehaal, en Sy liggaam in die graf gesit, en Sy Siel in die hel, en Hom opgewek op die derde dag, en Sy liggaam opgewek, en dit opgebring in die Heerlikheid in, en daar die Gees teruggestuur, en die liggaam aan Sy regterkant gehou, die Gees teruggestuur, om in die Kerk te woon, om 'n Kerk te maak met net soveel van die Lewe van Christus dat in die opstanding, die Twee saam sal kom, Bruid en Bruidegom, die Kerk en Christus sal presies dieselfde wees met dieselfde soort bediening, dieselfde soort krag, dieselfde soort Gees. Hy het die liggaam van Jesus Christus opgewek en dit aan Sy regterkant gesit, Sy regterhand, en die Gees uitgestort op die Kerk op die

Dag van Pinkster. Dis hoe God Sy verbond met Sy Kerk bewys het.

93 En Jesus het gesê: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." En ons sien dat dit God se manier is wat Hy Sy verbond met Sy Kerk bevestig het, amen, deur Bloedoffer, deur die Bloed van Jesus Christus.

94 Nou, Hy het daardie Kerk toe geheilig, Dit gereinig, Dit geskei. En wanneer skeiding kom. . .Beteken om "opsy gesit" te word. Die. . .Eintlik is die Woord *heilig* 'n Griekse woord, samestelling, wat beteken "geheilig, gereinig, en opsy gesit vir diens." Nou, die altaar het die voorwerp geheilig, en dan het hulle dit opsy gesit vir diens.

95 So wat—wat. . .? Wie was die volgende boodskapper op aarde wat regverdigmaking gepreek het? Luther, vir die Saad. Wat was die volgende boodskap? Wesley, Metodiste het heiligmaking gepreek, tweede definitiewe werk van genade. Ons vind. . . Almal van ons weet dit, ons is bewus daarvan.

96 Nou, kyk, wat Hy aan Abraham gedoen het deur regverdigmaking, het Hy aan sy Saad gedoen. Wat Hy aan Abraham gedoen het deur heiligmaking, skeiding toe Hy het, het Hy dieselfde ding gedoen. Wanneer die Kerk Homself skei van al die dinge van die wêreld, dan wend God die Bloed Daaraan.

97 Nou, dan wanneer Hy dit doen, dan doen jy nie, geen rook, drink meer nie, niks meer van hierdie rondhardlopery, aanganery nie, julle is afgesonderde mense. Dis reg. God skei julle as 'n eienaardige volk, baie skyngelowe gaan saam met al hierdie dinge, maar tog, die ware, ware Kerk, ek praat van die—die ware Saad van Abraham, die een wat regtig die Saad is.

98 Nou, let op die volgende ding wat Hy gedoen het. Dan, nadat ons dit gedoen het, vind ons uit, nou, het Hy Abraham deur genade geroep? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Het Hy Sy Kerk deur genade geroep? "Amen." Het Hy Abraham se werke geheilig deur die. . .met 'n bloedoffer? "Amen." Het Hy dieselfde ding gedoen destyds hier deur Wesley? "Amen."

99 Nou, nou, in die 17de hoofstuk van Génesis, blaai die 1ste hoof-. . .die 1ste vers, God verskyn aan Abraham in die Naam van—van Almagtige God, wat die Hebreeuse woord "El-Shaddai" beteken. *El* beteken: "bors," en, of, *El* beteken: "sterk Een," en *Shad* beteken: "bors," soos n vrou se bors, en *Shaddai* is "met borste." "Abraham, jy's nege-en-negentig jaar oud," dink daaraan: "en jy het deur regverdigmaking gekom, jy het deur heiligmaking gekom, en nou verskyn Ek aan jou as die sterk, God met borste." Amen.

100 Nou, met ander woorde: "Abraham, jy, jou—jou lewe is dood, wat dit betref, die lewe van jou liggaam is dood." Die doodheid van Sara se skoot, dit—dit was net nie. . .sy was steriel van die

begin af, en nou kyk hoe oud sy nou is, sy's, as hy nege-en-negentig is, is sy nege-en-tagtig. En so: "Nou, kyk hoe oud jy is, en kyk hoe oud is Sara, maar Ek is die Sterke, Wat Myself uitgee aan jou, lê op My boesem en voed jouself, My Eie Lewe in jou in. Ek, deur My Lewe in jou in te neem, sal Ek jou krag gee vir die seun wat kom, vir die een wat kom."

101 Dis die ding wat Hy aan die Kerk gedoen het nadat hulle deur regverdigmaking, heiligmaking gekom het. Wanneer het Hy aan die Kerk gedoen? Al daardie was opdragte wat gedoen is deur geloof en genade. Maar op die—op die Pinksterbeweging, het God Sy geheiligde mense na Sy bors toe geroep, om die Lewe uit Hom te voed wat daar in God was *in* hulle in. Daar is die doop van die Heilige Gees vir die Kerk, net soos Hy met Abraham gedoen het. Daar's die uitverkore Pinkstergroep wat hulle vandag fanatici noem, ek bedoel die uitverkore Groep.

102 Daar is Hulle, net soos Hy regverdigmaking genoem het, heiligmaking, en Abraham gevul het met Sy Eie krag, het Hy die Kerk geroep deur regverdigmaking, heiligmaking, en die Kerk gevul met Sy Eie krag, Sy Gees in die Kerk in, en gee die Kerk die doop van die Heilige Gees. Dit was die groot, volgende groot beweging wat die aarde getref het, ons weet dit. Martin Luther, John Wesley, en die Pinksterbeweging, dit was die beweging. Regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, net dieselfde as wat Hy aan Abraham gedoen het, het Hy dit gedoen aan sy Saad na hom. Begryp julle dit nou?

103 Nou, merk die 4de en 5de vers in daardie selfde hoofstuk daar, in die 17de. Nou, ek wil hê julle moet oplet wat God hier gedoen het. Hy, God kan nie Sy Eie wette besmet nie, Hy moet Sy Eie wet hou. So God kan nie Sy Eie wette verbreek nie, Hy kan nie Sy Eie wette nietig verklaar nie, en dan, om God te wees nie.

104 Nou, as ons oplet, in die Ou Testament was daar, wanneer 'n kind gebore is in 'n familie, was daardie kind, sê maar 'n seun, was hy 'n erfgenaam, natuurlik, maar voordat daardie kind ten volle 'n—'n erfgenaam was van al die dinge wat sy vader gehad het, voor hy aan bewind gekom het, is hy eers onder 'n leermeester geplaas. En hierdie leermeester het hierdie seun grootgemaak. Nou, ons—al die geestelikes weet dit, dat hy onder 'n leermeester geplaas is.

105 En hierdie leermeester was 'n man wat die vader uitgesoek het om die heel beste man te vind wat hy kon vind, want dis sy seun, dis wat later sy erfgenaam gaan wees. So dan soek hy 'n goeie leermeester, nie 'n leermeester wat sal sê: "Wel, uh," 'n leuen vertel en sê: "o, dit gaan net goed met jou kerk. Jou—jou klein—seuntjie vaar net goed," wanneer hy nie, hy 'n klein boef is. Dis, te veel, die probleem vandag met te veel van ons biskoppe, ensovoorts, en al ons mensgemaakte leermeesters: "U kerk vaar goed." Maar dis 'n leuen, dit doen nie. "Wat 'n gedaante

van godsaligheid het, en die krag daarvan verloën." Iets verkeerd iewers.

106 So wanneer die vader die heel beste leermeester gekry het wat hy kon kry, die beste grootmaaker, nou, hoe daardie leermeester moes gebloos het toe hy voor die vader ingeloop, en gesê het: "O, jou seun!"

107 "Hoe gaan dit met hom? Hoe gaan dit met my seun?" Die vader was besig, hy het 'n groot koninkryk gehad, en baie, soos, baie plekke, en huurders, en besigheid om voor te sorg.

108 Nou, hoe daardie leermeester moes gevoel het om nader te stap, geweet het hy is gehuur deur die vader, om nader te stap en te sê: "O, jou seun, hmm! O, hy's verskriklik, ek—ek kan hom net nie na 'n ding laat luister nie, hy gaan sy eie hardkoppige sin kry, die hardkoppigste kind wat ek ooit in my lewe gesien het. Hy's net, hy wil nie luister nie. Ek sal. . . Ek het jou wetboeke hier, ek maak dit net duidelik vir hom, maar hy weet wat hy gaan doen, sy ou man mag dit eenkant toe laat gaan, maar hy gaan ander kant toe." Hoe daardie leermeester moes gebloos het toe hy dit vir die vader moes kom vertel het! Hoe moes die vader ook daaroor gevoel het!

109 En hoe die Vader vandag moet voel! Ek hoop nie hierdie maak seer nie, net genoeg om julle reg te kry, want my uur is binnekort hier. Let op, maar dit moet gesê word, hoedat die Heilige Gees Leermeester gemaak is oor die Huis van God, nie een of ander dominerende biskop nie, nie een of ander oorheersende organisasie nie, nie een of ander van hierdie mensgemaakte teorieë nie, die kind van God moet luister na die Heilige Gees, die Skrif van die Woord, die ware kind van God, die ware seun van Abraham.

110 Nou, hier is waar die skeidingstyd kom. Let op: "O," sê julle: "ons is Pinkster." Julle het dit daar afgehandel, maar julle het net toe begin. Sien? Nou, hoe moes hy gevoel het! Hoe die Heilige Gees vandag moet voel om voor God die Vader te gaan! Ek wil hê julle moet vir my sê, op die Dag van Pinkster, het God 'n Roomse priester verordineer om Vader, Leermeester te wees? Het Hy 'n Metodiste biskop verordineer? Pinksterpresbiter? Nee, meneer, Hy het die Heilige Gees afgestuur om die Heerser van die Kerk te wees. Presies reg. Wat het daarmee gebeur?

111 Jesus, wat met Johannes gepraat het, en Hy het daar gesê hy sou nie sterf nie, en sommige van hulle het gesê Hy het dit gesê, maar Hy het dit nie gedoen nie. Gesê: "Wat sal met hierdie man gebeur na die opstanding?"

112 Gesê: "Wat maak dit saak vir julle as hy bly, totdat Ek kom?" Maar in plaas van om dit te doen, omdat hulle dit gesê het, het Hy hom net opgelig, en hom gewys verder aan tot waar Hy wel aan die einde van die kerktydperk gekom het. So Hy het opgebring. . .

113 Onthou, Jesus het gesê, in die tweede kerktydperk, die Smirna, was daar 'n—'n werke van die Nikolaïete, en wat 'n werke in die tweede kerk was, het 'n doktrine geword in die derde kerktydperk. Nou, wat? Daardie woord word nêrens anders in die Bybel gebruik nie. Ek het dit opgesoek, om uit te vind wat dit was, *nikao* beteken "om te oorheers," *laïte* beteken "die lekedom," "die lekedom te oorheers."

114 Maak 'n heilige man, iemand wat heiliger is as wat jy is, gaan net op en kry iemand, en hy sal een of ander halfgod wees, of so-iets, om op te staan, en jy doen wat jy wil, en hy sal die sondes vergewe, en daar gaan jy: "die lekedom oorheers." Neem die Heilige Gees weg van die Kerk daarbuite en sit Dit alles op die platvorm. Dit was nie God se manier om dit te doen nie.

115 Geen man op 'n platvorm het 'n reg om te sê hy's die enigste een wat die Heilige Gees het, en hy's die enigste een wat 'n sê het daaroor nie, die Heilige Gees is vir die hele, hele Liggaam van Christus, daarbuite, waar tale, interpretasies, gawes, manifestasies van die Heilige Gees. Maar ons het Dit oorheers, sekerlik.

116 Die einste ding waaruit ons gekom het, Pinkster het weer reguit teruggegaan daarin, net so vinnig as wat hulle kon gaan. Die einste ding wat julle altyd genoem het: "ou, formele Baptiste en Metodiste," dit—dit is nie formele Baptiste nie, formele Pinksters nou. Julle het dieselfde ding gedoen waaruit julle mede-. . .julle vaders uitgekom het, julle het reguit omgedraai en dieselfde ding gedoen, Dit ingedruk, een kerk *hier* gemaak, en 'n ander *hier* oorkant, en beveg mekaar, as *hierdie* persoon nie na julle kerk toe kom nie, werk julle glad nie daarmee saam nie.

117 O, jou arme, afvallige, skynheilige, *sogenaamde* Christen, skaam jou! Jou uur is op hande. God sal jou daarvoor straf, so seker as wat ek Sy dienskneg is wat hier staan, die lekedom te skei en verskille te maak tussen broers. God wees genadig.

118 Niks teen die Pinksters, daardie stelsel nie; niks teen die Katoliek nie, dis die stelsel van Katolisisme; niks teen die Metodiste nie, dis daardie stelsel; niks teen die Lutheraan nie, dis die stelsel. Regverdigmaking deur Luther was reg, maar toe hulle dit gesistimiseer het deur dit te organiseer, het hulle verkeerd gedoen. En die Wesley. . .Luther het dit nooit georganiseer nie, diegene na hom het; Wesley het dit nooit georganiseer nie, diegene na hom het; en dit was nie die Pinkstervaders wat uit daardie korrupsie gekom het nie, dis julle klomp na hulle wat het. Presies wat julle gedoen het, dis waar ons vandag is.

119 As die Pinksterkerk tweehonderd jaar van nou af sou staan, die dis-. . .die—die veld wat dit in die wêreld gewen het in die afgelope dertig jaar, of veertig, sou dit slegter daaraan toe wees as die Katolieke doktrine vandag. Die Katolieke het ook by Pinkster

begin. Wat het dit gedoen? Deur te verdraai. Nou, maar die ware Saad bly reg.

120 Let op, wat as daardie leermeester, wat die kind versorg het onder die Ou Testament . . . O, as daardie kind net soos die vader was! Goeiste, alles wat die vader gesê het: "Ja, dis reg. Amen. Dis waar. Ons sal dit so doen."

121 Hoe daardie leermeester moes opgestap het voor die vader, en gesê het: "Jou seun is 'n wonderlike seun. Net die dinge wat jy doen, dis presies hoe hy dit ook doen. Ek gee nie om hoe nie, jy het 'n paar base en superintendente daarbuite, maar, o, goeiste, hulle pla hom nie. Hy staan reg, presies net soos jy." Amen.

122 Hoe daardie vader moet sê: "Dis my seun! Ek's trots op hom. Ja, meneer, hy's my seun. Eendag sal ek die wêreld wys dat hy my seun is." Goed. "Hy gee geen aandag aan strooibase nie, hy bly reg by wat die vader gesê het."

123 En hoe die Heilige Gees, vandag, moet voel wanneer Hy voor die—die Vader gaan en sê: "Wel, weet U wat? U—U—U vroue dra grimering, hulle sny hulle hare. U manne, uh, U broe- . . . U kinders organiseer hulle kerke net so erg soos die res van hulle, en hulle sal nie met mekaar saamwerk nie," en al hierdie dinge! Hoe Hy moet voel! Hoe die . . . Hoe moes God gevoel het oor Sy kerk! Hoe dit 'n skande moet wees!

"Wel," het Hy gesê: "Ek het gedink Ek het vir hulle gesê om uit Sodom uit te bly."

124 "Maar hulle het reguit teruggegaan daarin, Vader." Net soos Lot, vir 'n paar tiensente en 'n beter plek om te aanbid, en 'n groter gebou, en mooier stoele, en 'n beter-geklede prediker, en een soos hierdie wat kan sê: "*Amen*," baie goed, en weggegaan het en Ph.D., LL.D. agter sy naam, en hulle kan die res van hulle alles *hiervan* vertel.

125 God gee nie 'n tiensent om daarvoor nie, Hy wil 'n man hê wat gevul is met krag en die Heilige Gees, wat sal staan en die waarheid vertel, al trek dit die vel van hulle af. Dis reg. Maar waar vind ons dit? Almal het 'n etekaartjie en 'n Cadillac. Iets is verkeerd iewers. Iets is verkeerd iewers. Dis waarom die kerk vandag so skud, want dis van die fondasie af.

126 Wat het gebeur toe daardie seun, toe, in die Ou Testament geword het? Sal graag 'n rukkie daar wil bly, ons sal later terugkom daarna toe. Maar nou, wat as daardie seun, dan, 'n goeie seun was, presies gebly het soos die vader dit bestem het om te wees? As die Bybel een ding gesê het, het hy reg daarby gebly. Wat ook al die Bybel gesê het, hy bly reg daarby. Ongeag van wat dit is, maak nie saak wat die res van hulle glo nie, al die strooibase nie, hy bly by die hoofbaas, hy bly by wat God gesê het. God het gesê: "Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die Waarheid wees." Ek gee nie om wat kom of wat gaan nie, bly net daarby.

127 En ons weet die Bybel voorspel dat die Pinkstertydperk 'n louwarme sal word, gespuug uit God se mond, ons weet dat dit is wat die Bybel gesê het. Dis presies reg. Nou, moet ons dit trotseer, dis hier.

128 Nou, wel, nou as hierdie seun 'n goeie seun is, dan het ons eendag, wat ons in die Skrif noem, die Ou Testament, 'n plasing van 'n seun, of dit word, partymaal, die wet van aanneming genoem. Nou, hierdie selfde seun wat in die familie gebore is, en hy nooit. . .hy het gekom. . .sy—sy naam is nikswerd op die tjek nie, sou ons dit so noem, sy naam is nog nikswerd daarbuite nie, die wet van aannemimg is nog nooit op hom toegepas nie.

129 Maar wanneer dit kom by die tyd vir die wet van aanneming, neem vader sy seun uit na 'n openbare plek, en laat hom op 'n plek sit, en trek vir hom 'n sekere kleed aan, en doen wat bekend staan as die plasing van 'n seun, of die wet van aanneming. En nou, wanneer hierdie seun aangeneem is in sy eie familie, van dan af, word hierdie seun mag gegee, hy's begunstig, dan is sy naam net so goed as wat vader s'n op die tjek is, want hy's die baas, hy's bo die strooibase. God gee hom dinge waarvan geen van die strooibase niks geweet het nie, want hy's 'n seun. Dis reg.

130 En dis presies wat God vir Sy Eie Seun gedoen het, nadat Hy Hom in alles bewys het. En 17de hoofstuk van Matthéüs, het Hy Hom op die berg geneem en Hom daar oorskadu met 'n—met 'n Wolk van heerlikheid, en Sy klere het geskyn soos die son in sy hitte, of, in sy krag. En toe Hy het, het hy 'n Stem uit die Hemel hoor kom, Petrus, Jakobus, en Johannes, wat gesê het: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het, luister na Hom."

131 Wat het Hy gedoen? Plaas die wet, Sy Eie wet van aanneming op Sy Seun, plaas Sy Seun bo Homself. Maak nie saak nie: "Daar's Moses, Ek het met Moses gepraat, daar's die wet, daar's die profete, maar hierdie is My Seun," die wet van aanneming. O, sabbatonderhouers en wetlikes, wat makeer julle? "Hier is My Seun, luister na Hom." Waar.

132 Wel, dis presies wat God aan Abraham gedoen het, Sy seun voor dit, nadat Abraham geregverdig is deur geloof. Ons glo dit, nie waar nie? Abraham se Saad, geregverdig deur geloof. Goed.

133 Die volgende ding was toe, wat het Hy gedoen? Volgende ding was heiligmaking deur die Bloed, heiligmaking deur die Bloed aan die Saad; volgende ding was om God se Eie krag in hom in te drink, God se Eie krag in die Kerk in te neem. Wat Hy aan Abraham gedoen het, het Hy aan sy Saad na hom gedoen. Verstaan almal dit?

134 Goed, let nou op, toe het Hy vir Abraham gesê, let op hierdie, 4de en 5de vers, "Abraham My verbond is nou met jou." Amen. Wat 'n toestand moes dit gewees het! Wat 'n Woord van bemoediging vir 'n ou man honderd jaar oud, reg op 'n honderd, nege-en-negentig, en hom vertel dat Hy El-Shaddai was: "Nou

gee Ek jou die krag. Nou gaan Ek jou nou by My plaas. Ek is die Vader van die hele skepping, My Naam is Elohim.” Enigiemand weet dat die woord *Elohim* beteken “die—die Algenoegsame Een, die—die groot Self-bestaande Een,” Elohim.

135 “Nou, My naam is Elohim, en jou naam is Abram, en jy sal nie meer Abram genoem word nie, maar jy sal Abraham genoem word.” Nou is wanneer ons nou ’n bietjie baie streng onderrigting gaan kry. *Abraham*, kyk, van *Elohim* na *Abraham*, Hy het hom deel van Sy Eie Naam gegee, toe Hy hom geplaas het.

136 Let op, Abraham en sy Saad. Nou, toe God die Pinksterkerk opgerig het, het Hy hulle begin plaas, vir hulle gawes gegee, ensovoorts, en hulle in die Koninkryk geplaas, maar almal wou dieselfde gawe hê, en o, goeiste, daar het ons gegaan. So dit stop nie God se Saad, net die, of, Abraham se Saad nie, Dit gaan net in elk geval aan.

137 Let op, *Elohim*, *Abraham*, hom deel van Sy Eie Naam gegee. Want hoekom? “Ek het jou die vader van nasies gemaak,” ’n vader. “Ek het jou ’n vader van baie nasies gemaak. En Ek sal deel van My Naam by jou naam voeg.” O, hoe ek nou iets net hier kon uitdruk. Gee hom ’n deel van daardie Naam: *Abraham*. En het Sara se naam verander, want sy was ’n deel van Abraham.

138 Nou let op, net die volgende ding wat ons vind wat gedoen is, hier, is in die 18de hoofstuk, die volgende hoofstuk, dat God aan Abraham verskyn terwyl hy onder die akkerboom gesit het. Nou, Hy, kyk soos Hy, julle sien waar Hy Sy Seun geplaas het, regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, gee van gawes. Nou, toe Hy aan hom verskyn het net voor Hy Sodom verbrand het. . .

139 Ek’s nie geneig om na televisie te kyk nie, want ek’s teen daardie ongesensorde programme. Maar gisteraand, in die plek waar ek gebly het, het ek ’n boek opgetel nadat ek baie laat ingekom het, en ’n bietjie daarna gekyk, die boek daar gelees, en gesê: *Televisie Gids*. En ek het daar opgelet, daar was ’n plek waar hulle hierdie atoommissiele sou wys, of *so iets*, van die Pentagon.

140 So ek het gegaan na hierdie radio, of, televisie, en dit aangeskakel om na hierdie—hierdie missiel te kyk, hierdie atoom-affêre te sien, die, of—of, pierings wat hulle dit noem, wat dit ook al is. Was baie kritiek, baie voor en teen, maar kyk nou net ’n oomblik. Elke mens, jy het ’n reg op jou opinie, ek moet op myne, laat ek myne uitspreek.

141 Nou, voor daardie Sodom verbrand is, net voor. . .Hoeveel het daardie program gesien? Ek reken dat baie van julle het, goed. Dis nie net iets wat versin is nie, dit was van die regering. En hulle was hieraan, aan hierdie navorsing gewerk vir jare, en hulle weet dat dit absoluut die waarheid is. Dis waar. Dis niks nuuts nie, as hulle net die Skrif lees, sou hulle presies weet

waar hulle was, hulle hoef nie daaroor bekommerd te wees nie. Maar nou, laat ons dit nou net op hierdie boodskap plaas, net ’n oomblik.

142 Nou, toe Abraham, nadat hy geregverdig is, geheilig, die Heilige Gees ontvang het, sy Saad soos daardie, en die seun geplaas het, het hierdie seun bewys dat hy was, want hy het die Gees van God in hom gehad, hy het dieselfde werke gedoen, wat sy woord was, net presies was soos die Woord van God.

143 Ons kan nooit ’n kerk bou op iets oor die negehonderd verskillende organisasies, en elkeen wat verskil van die ander een nie. Nee, meneer. Nee, ons kan nie.

144 Nou let op, maar wanneer hierdie seun, Abraham se seun, Saad, gemanifesteer word, dan sal die Gees van God in daardie gemanifesteerde Saad dieselfde werke doen wat Jesus gedoen het, want dieselfde werke van die Koninklike Saad sal in die Saad van Abraham wees. Let op, die seun te plaas, hom net soos die Seun, Sy Kerk te maak.

145 Nou, soos ons aanbeweeg, Abraham wat eendag onder die akkerboom gesit het, hy het opgekyk, en hy het drie manne na hom toe sien aankom. Nou sit hierdie nou, in julle geheue: Hy het drie manne gesien, hulle was met stof bedek, miskien, en het van ver af gekom. Abraham het na hulle gekyk, en hy het herken daar’s iets goddeliks aan die manne, hulle het nie hulle krae omgedraai gehad, miskien, en hoë tulbande op, of hulle is ook nie biskoppe genoem nie, of. . . maar hy het na hulle gekyk, hulle was net gewone mans, klere net soos die res van die mans aangetrek het.

146 En Abraham het uitgehardloop na Hom, en gesê: “My Heer, sal U inkom en onder die boom gaan sit? En ek sal ’n bietjie water gaan haal, en U voete was, en—en vir U ’n stukkie brood gee, en dan gaan U op U pad.” Abraham het geweet, hy was nou Abraham se Saad. Nou, onthou, luister, dit was net Abraham wat dit herken het.

147 Het julle geweet. . .? Ek was, het nou die dag met ’n Jood gepraat wat geglo het, altyd geglo het daar is een God, en hy wou glo daar is drie van hulle, so hy het gesê: “Jy weet dit beteken Vader, Seun, en Heilige Gees daar?” O, genade, hoe ver kan ’n mens van God af wegkom? Abraham het nooit gesê: “My here” nie, hy het gesê: “My Heer,” hoofletter H-e-e-r. Maar Lot, die afvallige daaronder, het gesê: “My here,” toe hy twee van hulle sien opkom het, h-e-r-e.

148 Maar die man wat afgesonder was, het geweet toe hy Hom gesien het, hy het gesê: “My Heer, Elohim, kom net, en gaan sit hier.” En Hy het na hom toe geloop.

149 En hy het ingehardloop en vir Sara gesê: “Knie gou ’n bietjie brood, van ’n bietjie meel, ons wil ’n paar koeke hê.” En—en gaan uit en kry ’n vetgemaakte kalf, en hulle het die kalf doodgemaak,

en goed voorberei, dit uitgebring. En Hy het daar gesit en dit geëet. Twee van hulle het afgegaan na Sodom toe om vir Lot daaronder in Sodom te preek, en om daardie louwarm kerk uit te bring.

150 Nou let op die drie klasse, nou, daar was Lot, en Sodom, en Abraham, was die drie klasse mense op aarde op daardie dag. Nou, luister asseblief goed, dis net soos dit vandag is met die Saad van Abraham. Sien? Daar was Sodom, die Sodomiete, die wêreld, sondaars; daar was die georganiseerde, louwarm kerk wat daaronder gesit het, Lot, die sondes van die mense wat sy regverdige siel ontstel het. Dis presies wat die Bybel gesê het. Daar is julle, baie regverdige, goeie mense daaronder, wat uitgeroep sal word, maar ek praat nie nou daarvan nie.

151 Nou, hulle het 'n man soontoe gestuur om daardie mense te verlos, en hy het afgegaan en vir hulle gepreek, kyk, na die kerk wat in Sodom was, in die wêreld. Nou, een of ander tyd hierdie week, gaan ons *Die Merk Van Die Dier En Die Seël Van God* neem, en kyk hoe dit begin het reg in Eden, en reguit uitgekom waar Kain uitgegaan het uit die Teenwoordigheid van God om sy vrou te kry, hoe Set in die Teenwoordigheid van God gebly het en sy vrou gekry het. Hoe die kerke, verskillende maniere, uitgegaan het met hulle organisasies, uitgegaan met hulle organisasies van stelsel en vir hulleself 'n—'n kerk gekry het, 'n bruid, en toe die ware, ware Kerk by God gebly het, die Bruid, volmaak.

152 Nou, hier's wat plaasgevind het, toe hierdie manne soontoe gegaan het. . .En is dit nie vreemd hoe Hy die naam van Abraham verander het van Abram na Abraham nie, en die boodskapper soontoe gegaan het om vir hierdie mense te preek om hulle uit te bring, en in hierdie laaste dag die boodskapper wat gestuur is na daardie Sodomiete, en om daardie mense te roep uit daardie plekke daaronder G-r-a-h-a-m genoem word nie? Nie B-i-dubbel l-y S-u-n-d-a-y, Sunday nie, maar G-r-a-h-a-m. 'n Boodskapper! Wys my een kerkboodskapper wat vandag in sy plek staan, daar is nie, nêrens op aarde vir die Christenkerk soos Billy *Graham* nie. Wat doen hy? Skree: "Kom uit daardie ding uit. Sonder julself af," met 'n woord van regverdigmaking, om hulle uit te roep en hulle af te sonder.

153 Wat het Hy gedoen? Sy boodskap het hulle oë verblind vir die Deur. Dis wat dit vandag gedoen het. Die Boodskap verblind hulle oë, hulle het soveel organisasie in hulle, hulle kan nie die Deur sien nie, en Christus is daardie Deur. Reg.

154 "O," sê hulle: "wel, ek's Metodis." "Wel, kyk hier, Mnr. Graham, ek's Presbiteriaan." "Ek's Lutheraan." "Ek's . . . " Hulle sien nie die Deur nie. En die Boodskap het hulle oë verblind. Sien julle nie die wonderwerk van God nie? Sien die Lot-groep? Daar ver oorkant in Sodom.

155 Nou, kyk, na hierdie Een wat agtergebly het by die uitverkore Kerk, Een. Hy het gesê. . .Nou kyk, net 'n paar dae vantevore Abraham se. . .is Abram se naam verander na Abraham. Nou, Hy het nooit gesê: "Abram, waar is jou vrou S-a-r-a-i" nie? Hy het gesê: "*Abraham*, waar is jou vrou S-a-r-a?" Hoe het Hy dit geweet as Hy 'n Vreemdeling was?

156 Nou, kyk, Hy praat nou met die uitverkore Saad, van Abraham. Nou, Hy praat met Abraham, en soos Hy met Abraham het, moet Hy doen met die Saad na hom; ons het dit gevind, alles, perfek tot op hierdie tyd. "Abraham," die openbaring: "waar is jou vrou, Sara?"

Gesê: "Sy's in die tent agter U." Nou, onthou: "agter U."

157 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek," *Ek*, daardie persoonlike voornaamwoord betrokke, julle sien: "Ek gaan jou besoek," dis hoe Hy geweet het wie, sy naam was. . .Hy was die Een wat sy naam verander het: "Abraham, Ek gaan jou besoek, volgens die tyd van die lewe saam met Sara. En Ek gaan hierdie kind stuur, net presies soos Ek gesê het Ek sou doen." Sien? "Ek gaan dit doen."

158 En toe Sara dit gehoor het, nou, my susters hierbinne, julle jong vroue verskoon dit asseblief, maar Sara het gelag. Weet julle hoekom sy gelag het? Sy het gesê: "Ek, 'n ou vrou, sou weer plesier hê met my heer, hy wat ook oud is?"

159 Nou, as man en vrou, met—met familieverhouding wat vir baie jare opgehou het, hulle was 'n honderd jaar oud. Sy het gesê: "Ek, weer 'n jong vrou, daar saam met my—my man kon woon, en ons saam plesier sou hê, soos jong, getroude mense?" En dit het haar geamuseer, en sy het gesê: "Ek, 'n ou vrou, woon saam met my man daarbuite, weer, wanneer ons nie daardie tipe lewe gehad het nie, miskien vir vyftien, twintig jaar nie." Sien? "Ons. . .Hoe kan dit wees?"

En toe sy gelag het, toe het die Engel, met Sy rug gedraai, gesê: "Hoekom het Sara gelag?"

160 Jesus het daarna verwys, en gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." So sal dit wees met die Saad van Abraham.

161 Kan julle sien waar Lot sit? Kan julle sien waar die Boodskap is? Kan julle die Boodskap sien wat na die uitverkore Kerk toe gegaan het? Die krag van God onder die mense, God wat in menslike vlees van Sy Eie Kerk woon, daardie selfde tekens doen, en hulle noem dit gedagte lees, verstandstelepatie, fortuinvertellery. Geen wonder hulle is verdoem nie. Geen wonder geleide missiele daar, noem hulle dit, in die lug, en hulle weet niks daarvan nie.

162 Ek sal julle my verduideliking daarvan gee: Dis Engele wat afgekom het, soos hulle het daar by Sodom. Julle weet, ek dink

ons het ’n foto gehad van een aan die agterkant, op ’n foto hier iewers, dit sal wees in, diens die volgende paar dae. Dieselfde Gees het, doen Dit dieselfde dinge. Daardie selfde Gees in die Kerk sal dieselfde dinge doen wat Jesus gedoen het.

163 En ons kyk. En op die Pentagon, wanneer hulle daar kom, en daardie missiele om hulle kon sien versamel, soos daardie, nie iets wat versin is, een of ander fiksie nie, dis werklik die waarheid, hier is dit op radar, hier is dit op—op ’n kamera wat dit afneem. En hulle is so vinnig dat hulle net sou verdwyn. Einstein het bewys, voor hy gesterf het, as twee missiele vinnig genoeg kom, of twee manne wat in die pad afkom in ’n outomobiel, kon vinnig genoeg kom, kon hulle regdeur mekaar gaan, sonder om selfs mekaar te versteur, wat so vinnig kom, maar dit sou biljoene myle per sekonde neem om dit te doen, maar hulle sou.

164 Kyk na Jesus, ons—ons kan dit nie verstaan nie, toe Jesus in die kamer ingekom het deur ’n—’n klipmuur, die deure wat gesluit was, en daar gestaan het, nadat Hy Sy verheerlikte liggaam gehad het, en vlees geëet het. Halleluja! Glorie! Julle praat van ruimte-eeu, die Kerk maak gereed om een te neem. Vinnig! Spog oor hulle vliegtuie wat so vinnig gaan: “Ons het ’n man in ’n sputnik.” Wel, goeiste! Watter verskil maak dit vir die Kerk van die lewende God? Goedheid!

165 Hy het gesê: “Wanneer hierdie dinge gebeur, hef julle hoof op, daar sal tekens bo in die hemele wees, en onder op die aarde, die see wat dreun, aardbewings op verskillende plekke, dis die tyd, begin opkyk, julle verlossing kom naby.”

166 Julle sien die tekens van Sodom, die organisasie waar dit die kerk daar uitgeneem het in ’n mistieke, o, ’n eiegeregtige, wettiese manier, maar daardie man en vrou wat wag op die belofte van God, het die teken wat onder hulle werk, as die ware, lewende God, wat die einste gedagtes van die hart onderskei, dis die Woord. Jesus was die Woord.

167 “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon,” Johannes 1. Is dit reg? Hebreërs die 4de hoofstuk het gesê: “Die Woord van God is skerper as ’n tweesnydende swaard, wat selfs die gedagtes onderskei, en die oorlegginge van die hart.”

168 En wanneer die Woord, wanneer God se Woord, nie die helfte Daarvan, deel Daarvan nie, vermeng is met een of ander mensgemaakte geloofsbelydenis, “Julle bly in My, en My Woord in julle, vra wat julle wil, en dit sal gedoen word,” maar wanneer die ware Woord in jou gemanifesteer word, is Dit ’n Onderskeier van die gedagtes van die hart. En mense noem dit gedagtelees, verstandstelepatie.

169 Geen wonder hulle het Jesus *Beëlsebub* genoem nie. En Hy het gesê: “Ek vergewe julle. Maar wanneer die Heilige Gees gekom het en dit doen, sal een woord Daarteen nooit vergewe

word nie." Dan sien julle waarom ons ons naam op 'n missiel het wat daar oorkant hang, iewers. Julle sien waar oordeel staan. Let op, ons is beslis verdoem.

170 Daar's die Billy Graham groep daaronder, wat vir daardie Lot preek, "Kom uit Sodom uit. Gaan uit Sodom uit. Gaan uit Sodom uit." Miskien weet die seun dit nie, vir al wat ek weet, of, die man, ek dink hy's omtrent sewe-en-dertig jaar oud, of veertig, nee, omtrent vier-en-veertig, of iets, vyf-en-veertig, ek weet nie hoe oud Billy is nie. Gesê. . . Wel, hy raak iewers in sy veertigs. Maar in elk geval, hoe die man, miskien, nie besef wat dit is nie. Sien? Daar is hy, hy's die boodskapper van die dag aan daardie kerk, nie besef hy moes so geroep word nie. Hoe hy. . . alles. . .

Julle sê: "Hoe het daardie naam daarmee te doen gehad?"

171 Waarom het Hy Jakob se naam verander? Waarom het Hy al die res van die name verander toe hulle na Hom toe gekom het? "Jou naam word Simon genoem, hierna sal jy Petrus genoem word." "Jy was Saul, maar van nou af sal jy Paulus genoem word." Wat van al hierdie name, as hulle nie iets beteken nie?

172 "O," sê jy: "dis getalleleer, die duiwel het een." Dis reg, en God het een. Alles wat die duiwel het, het hy dit van God af nageboots. Presies reg.

173 Sy naam verander. Nadat Jesus oorwin het, het Hy 'n nuwe Naam ontvang, Self, elke oorwinnaar. Die Kerk, wanneer Dit heeltemal oorwin het, begin die openbaring daarvan werklik word vir Hulle. Waarom is Hy so genoem? Waarom is Hy 'n Boodskapper vandag? Dat wanneer die man in is, net soos dit in Eden was, hy het homself vernietig met sy eie kennis, en vandag, doen hy dieselfde ding, vernietig homself met sy eie kennis.

174 Kyk nou, net 'n paar minute voor ons afsluit, ons het, het regtig dertig minute, maar ons sal dit nie hoef te neem nie. Kyk, ek wil julle iets vra. Nou, hy het afgegaan en gepreek, daardie Engele het, hierdie ander Een het agtergebly, Boodskapper.

175 Een of ander prediker het my eenkeer gevra: "Broer Branham, het jy gesê dit was God?" Dit was God, Abraham het Hom Elohim genoem. As jy met Abraham wil stry, die Bybel, is reg so. Maar hy het gesê Dit was Elohim, het daar gestaan en Hy het vleis geëet, met gewone klere aan, vleis geëet, die melk van die koei gedrink, brood geëet, uit Abraham se sig verdwyn. Hy was Elohim. Om wat te bewys? Toe Jesus daarna verwys het, dat Elohim sou terugkom in die Saad van Abraham in die laaste dae, "En soos dit was in die dae van Sodom," vir die uitverkore Kerk: "so sal dit wees."

176 En vir die kerk in Sodom, so sal dit wees. Nou, ons sien waar hulle staan, nie waar nie? Ons sien die name, alles, net presies geplaas, net perfek waar ons sit. Wat het Hy toe gedoen? Onmiddellik daarna, soos ek hierdie baiekeer geneem het, ek glo ek het eenkeer daaroor gepreek vir julle, Hy het Abraham en Sara

se liggaam verander, en hulle teruggesit na ’n jong man en vrou. Nou, ons—ons weet dat dit die waarheid is.

177 Nou, onthou . . . Nou, laat ek dit net hier vir julle bewys, sodat julle, uh, as julle enige gedagtes kry wat hulle was, “In daardie dae het hulle net langer gelewe.” Die Bybel het hier gesê dat hulle albei ver op hulle dae was, ver op hulle dae. Waarom het Sara dan gesê dat “As ek plesier kon hê met my heer”? En Abraham, die Bybel het gesê dat sy liggaam so goed soos dood was, die saad in sy liggaam so goed soos dood was, en vyf-en-veertig jaar na Isak gebore is, het hy nog sewe kinders gehad. Beantwoord dit, sal jy?

178 Waarom het Abiméleg—Abiméleg verlief geraak, toe, op Sara, wanneer sy ’n ou vrou was? Gesê: “Ek, ’n ou vrou, ver op my dae, ek, oud, soos ek nou is, ooit weer kan plesier hê?” En toe sy ’n driehonderd myl reis onderneem het, en afgegaan het, en ’n jong koning gesien het, het hy op haar verlief geraak, die mooiste ding wat hy ooit gesien het. Hy het haar liggaam verander. Hoekom? Hy moes haar liggaam verander om die beloofde seun te kon ontvang. En dis die volgende ding in die orde, die verandering van die liggaam, die Wegraping.

179 Nou, wat as Hy net vir Abraham sou geneem het, gesê het: “Nou, Abraham, Ek gaan jou net terug verander na ’n jong man, gaan Sara terug verander na ’n jong vrou, en nou, gaan julle almal net aan en kry die seun”? Hulle sou dit nie gedoen het nie, want hulle het saam gewoon toe hulle jonk was, en hulle het nie die seun gehad nie, hulle het nie enige seun gehad nie, en hulle het al hierdie jare saam gewoon, as Hy hulle net terug verander het. Daar moes ’n ander soort verandering wees. O, glorie! Wat? Sy kon nie geboorte gee met ’n hart van honderd jaar oud, die melkare was opgedroog in haar liggaam, haar skoot was onvrugbaar. O, ek weet dit lyk vreemd, ek weet dit is. Dit lyk vreemd.

180 Kan jy . . . ? Wat as ’n babatjie, voor dit gebore is, wanneer dit in sy moeder se skoot is, kon sê: “O, wee my! Hulle sê vir my ek gaan binne ’n paar dae gebore word. Wat sal ek doen? Hulle sê vir my daar’s ’n groot wêreld, daar’s sonskyn, mense loop rond. Oooh! Hoe sal ek . . . ? Wat sal . . . ? Hoe sal ek ’n lewe kry? Ek kry my lewe reg hier in die baarmoeder. Daardie hele groot ruimte, wat sal ek doen? Wee my”? Maar as hy net kon dink aan wat dit was, as hy kon . . . Nadat jy eenmaal buite aan hierdie kant is, en dan terugkyk, wil jy nooit weer na die baarmoeder toe gaan nie.

181 En dis soos ons nou is, om te dink aan: “Wat gaan dit wees? Wat is die—die ander wêreld, waar ons kan oorgaan na die Heerlikheid?” Wel, wanneer hulle ’n teleskoop kan neem en ’n honderd-en-twintigmiljoen jaar van ligruimte kan sien, wat nie een-sestiende van ’n duim in Ewigheid is nie. Halleluja! Glorie! Maar Jesus het uit die Hemel aarde toe gekom in ’n gedagte.

Glorie! En die Kerk sal net so wees, by die lig verbygaan met so 'n spoed! Prys God.

182 Jy sê: "Hoe kan dit gedoen word?" Net soos, hoe ken ek nou? Enigste ding wat ek nou ken, is duim, en jaarts, en myle, en dae, en weke, en ure, en minute, dis hoe ons dink, ons is in die skoot van die aarde. Maar wag tot ons eenmaal gebore word aan die Anderkant. Glorie! Wag tot hierdie verandering kom. Ja. Dan ruimte om te kom soos 'n. . . van die, Heerlikheid, hier in een breuk, halwe oomblik, sulke spoed, regdeur die muur gaan, nie eers weet dis daar nie. Daar het julle dit. Hierdie aardse dinge sal dan so eenvoudig wees. Dit—dit. . . O, goeiste, daar sal niks daaraan wees nie. Nee, meneer.

183 Toe Abraham se liggaam verander is, is Sara se liggaam verander, soos dit nooit tevore verander is nie. Nou, ons weet almal dat wanneer Jesus kom, sal ons weggeraap word in 'n Wegraping, en ons weet ons liggame sal eers verander moet word. En dit sal. . . En dit sal nie hoef te wees, net teruggaan na jong mans en vroue nie, maar dit sal verander moet word, omdat Abraham en Sara se liggaam verander moes word op 'n manier dat hulle die beloofde seun kon ontvang.

184 Dis Abraham, sy liggaam moes verander word om die beloofde seun te ontvang, nadat hy geregverdig, geheilig is, gevul met die Heilige Gees, geroep deur uitverkiesing, die God van Heerlikheid gemanifesteer is in sy midde, en toe is sy liggaam verander om die beloofde seun te ontvang.

185 Wel, die Kerk het gekom deur regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, gawes Daaraan gemanifesteer. En nou wat? Die Gees van God wat in die Kerk beweeg, dieselfde werke doen wat Jesus gedoen het voor Hy weg is, as 'n belofte. En wat is die volgende ding? Die verandering. Die volgende ding wat met Abraham gebeur het, was 'n veranderde liggaam, hy moes dit hê, of hy het nooit die seun gekry nie. En die volgende ding wat met die Kerk gebeur, is die Wegraping.

186 Ons sal verander moet word en weggevoer word in die lug om Hom te ontmoet. Ons kan Hom nie op aarde ontmoet nie, ons moet in die lug ingaan om Hom te ontmoet. Dis die Seun wat kom, die beloofde Seun. Amen. Ons het nou na Hom gesoek, vir honderde jare, Hy sal eendag kom. Maar die volgende ding vir die Kerk is om verander te word. Ons het elke teken gehad: regverdigmaking, heiligmaking, doop van die Heilige Gees, plasing van 'n Seun, manifestasie van die Gees. Nou, wat? Die verandering van die liggaam vir die Wegraping.

187 O, goeiste! Hoe die Kerk nie sy hande behoort te wuif in heerlikheid, God te dank, God te dank nie! Enige oomblik kan die verandering kom, want die Bybel het gesê dit sou universeel wees, Jesus het gesê: "Dit sou twee by die meul wees, wat maal,

Ek sal een neem, en een los; twee in die veld, ek sal een neem, en een los; twee in die bed," gewys dit sou aan beide kante van die aarde wees, terwyl dit nag is aan die een kant, dag is aan die ander: "Ek sal een neem, en een los." Die Wegraping sal universeel wees, en hulle liggame sal verander word.

188 Ons liggame sal verander moet word, ons kan net nie terug verander na jong mans en vroue nie, ons moet 'n ander soort liggaam hê, sodat ons weggevoer kan word in die lug om die beloofde Seun te ontvang. Dis waarvoor die Kerk nou wag, die ware Kerk. Elke manifestasie, wat Hy aan Abraham gedoen het, het Hy gedoen aan sy Saad na hom, een ding uitgelaat, dis die Wegraping van die Kerk.

189 "En wanneer julle hierdie dinge sien begin gebeur," het Jesus gesê: "hef julle hoof op. Kyk op! Julle verlossing is naby." Toe Jesus daarna verwys het, het Hy gesê: "Soos dit was in Sodom," wanneer julle 'n moderne Billy Graham sien afgaan in Sodom, wanneer julle die tekens sien begin verskyn voor die uitverkore Kerk, en die res daarvan wat Daarteen veg, kyk, die tyd van die Wegraping is op hande. Die vyeboom wat sy botsels daar oorkant uitstoot, daardie geslag sal nie verbygaan voordat alles vervul is nie. En sy's ver in daardie geslag in, vandat die Jode na hulle tuisland teruggekeer het. Ons is by die eindtyd.

Nasies verbrokkel, Israel ontwaak,
Die tekens wat die profete voorspel het;
Die Heidense dae getel, met gruwels wat wag;
"Keer terug, O verstrooides, na julle eie."

190 Kom, gaan saam met ons na Miami toe, toe 'n man wat met sy hand gestaan het oorkant in Groenland, om atoombomme los te laat wat die helfte van die aarde sou vernietig, geskud het, en 'n Christen geword het, sal praat. Toe hy 'n missiel op 'n skerm gesien het, en hulle gedink het dit was Rusland wat begin het. Ons is ook gereed, ander nasies is ook gereed. Castro wat daaronder gebruik word, net as 'n—'n marionet, wat saamspeel sodat Rusland naby genoeg daar kan inkom, hulle hulle atoommissiele en dinge kan gooi, hier is dit reg onder ons neus.

191 En die gawes van God, die manifestasie van God onder Sy mense, om dieselfde ding te doen wat Jesus Christus gedoen het, het nou oor die wêreld gegaan. Sien? Sy's gereed. Nou, die volgende ding is die verandering, en om opgevang te word in die lug om Hom te ontmoet.

192 Die verandering, aan hulle wat op soek is na die beloofde Seun. Soek julle na Hom vanmiddag, in afwagting? "O, ek sal dophou en wag, daardie gesig te aanskou; Hy kom weer." "Die Heidense dae getel, met gruwels wat wag."

193 Wel hierdie aarde sal opgeblaas word een van hierdie... O! Dit kon voor die oggend gebeur. Daar's net een Ding, dis

Almagtige God, wat kan keer dat ons opgeblaas word, maar binne ’n uur van nou af, Rusland is so ver voor ons in die wetenskap. En soos daardie nuuskommentator nou die aand gesê het, dis nie Rusland wat dit doen nie, dit is ook nie ons wetenskaplikes nie, dis die Duitsers wat dit gedoen het. In die oorlog, het ons ’n paar geneem, en hulle het ’n paar geneem, en daar het julle dit.

194 Hulle het nou ’n man wat gaan, opstaan in ’n klein toestel, ’n sputnik van ’n ding, hierbo op die aarde. Wat as, hulle mag honderde van daardie hê, wat as hulle net oor die Verenigde State kom, en sê: “Gee oor, of word as.” [Leë kol op band—Red.] . . . oorgee, natuurlik. Wat sou gebeur? Die Russe sou inkom, uit julle huise, julle weet wat sou gebeur.

195 As hulle dit nie doen nie, wat gebeur? Word as. Wanneer kan dit gebeur? Oor ’n uur van nou af. Maar onthou, voor dit gebeur, dis hier waar julle verskil, maar voor dit gebeur, kom Jesus vir die Kerk. Voor een stukkie Vuur op Sodom geval het, moes Lot uitkom; voor een druppel reën geval het, moes Abraham in die, ek bedoel, moes Noag in die ark wees. En soos dit was in die dae van Abraham, of, dae van Noag, en in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens. Voor enigiets plaasvind, neem die Kerk Sy Wegraping. Amen. Hulle is in Christus, alreeds geoordeel.

196 En een van hierdie oggende, sal daar ’n verdwyning wees, en een van hierdie aande, sal daar ’n verdwyning wees, en die Kerk sal verander word, en opgeraap word om Jesus in die lug te ontmoet. En wee hierdie klomp dan! Hulle sal hulle tonge knaag van pyn, wanneer die atoom in die nasie invloei, oë uitbrand, en afloop soos water, en tonge geknaag word van pyn, en geskree, net een bom wat ontplof na die ander. Julle sal onthou hoeveel dit verstandstelepatie was, hoeveel dit ’n klomp holy-rollers, of fanatici was. Onthou, God weet wat Hy doen. Ja, meneer.

197 Die volgende ding wat wag, is vir daardie uitverkore, en uitgeroepte Saad van Abraham, Wat die manifestasie van God onder Sy mense herken het en staan, en wag, wat die Een sal wees wat weggeraap sal word om Hom in die lug te ontmoet.

198 Laat ons ons hoofde net ’n oomblik buig. As daar diegene hier is vandag wat Hom nie ken as persoonlike Verlosser nie, dat jy nie gevul is met die Heilige Gees nie, dat die openbaring van God nooit jou lewe getref het nie, en jy het net by die kerk aangesluit, en ’n goeie, opregte lewe gelei, weet jy dat daardie Hebreërs destyds, daardie priesters, hulle ’n volmaakte lewe gelei het, niemand ’n vinger op hulle lewe kon sit nie, hulle heilige, geheiligde manne was, en Jesus gesê het: “Julle is van julle vader, die duiwel”?

199 Wat is sonde? Is ongeloof. Ongeloof in wat? Die Woord van God. Nou, dis die Woord van God aan Abraham en sy Saad na

hom. As jy nie aan God bekend is as Sy seun, as wedergebore, vervul met Sy Gees is nie, jy nog nooit uit El-Shaddai, die boesem van God gedrink het nie, waarom kom jy nie net hier en staan hier nie? Laat ons saam met jou bid, terwyl predikerbroers daar is om te bid.

200 Sal jy nou opstaan? Ek glo die uur van al hierdie oorreding is net verby. Jy nie Christus ontvang het en gevul is met die Gees nie, kom. Een arme siel loop na die altaar, en dit 'n Jood, neffens 'n Ethiopiër. God wees genadig. Hoe kan jy die Woord van God hoor en dan stilsit? Vriende, sien julle nie dat die wetenskap gesê het, omtrent vyf jaar gelede, dis drie minute voor middernag nie?

201 Weet julle wat God gedoen het? Hy het uitgereik, dis verby die tyd, Hy het sy hand uitgesteek en dit gestop. Hy hou tyd in Sy hand vir die Kerk om Homself gereed te maak. Daar's nog 'n paar lede wat nog moet inkom, van die Liggaam van Christus, miskien is een van hulle hier vandag, dis hoekom ek hier is, dis waarom ek hiernatoe gelei word, is om julle te probeer oorreed. Ek sê nie: "Moet nou nie Katoliek wees nie, moenie Metodis wees nie." Ek sê nie *waaraan* jy moet behoort nie, behoort jy aan almal van hulle of nie een van hulle nie. Maar ek wil hê jy moet gevul word met Sy Gees, as jy nie is nie, is jy . . .

202 Onthou net, ek sal julle op daardie dag ontmoet, en hierdie woorde sal 'n getuie teen julle wees. Dis alles op God se bandopname, en met Sy groot fotokamera. En jy wat sit, en wegstap en dit verlaat, jy sal jou eie self sien op daardie dag in die spieël van God. Sal jy kom?

> . . . maak soos U wil!
> U is die Pottebakker;
> Ek is die . . .

Vergeet nou net alles, kom aan: "Ek's die klei."

> Vorm my en maak my
> Volgens U wil,
> Terwyl ek wag,

Is jy oorgegee?

> Oorgegee . . .

203 "Laat U wil geskied, Here. Neem al die kerklikheid uit my uit. Neem al die styfheid en denominasie uit my uit, Here. Laat my 'n ware Christen wees."

> . . . Here!
> Maak soos U wil!
> Hê oor my wese
> Absolute beheer!
> Vul met U Gees
> Tot almal sal sien
> Net Christus, altyd,
> Wat lewe in my!

Maak. . .

God seën jou, dame. Kom reguit vorentoe, Suster.

Maak soos U wil!
U is die Pottebakker;

Al julle Katolieke, Baptiste, Presbiteriane, Metodiste, Pinksters!

Vorm my en maak my
Volgens U wil,
Terwyl ek oorgegee is,
Oorgegee en stil.

. . .soos U wil, Here!

204 Nou, terwyl die mense afbeweeg, steeds kom, solank mense kom, gaan ons dit hou. Ek dink nie ons het te veel meer tyd, in hierdie wêreld, om hierdie soort oproepe te maak nie.

205 Nou, onthou net, ek spreek in die Naam van die Here: Die uur kom wanneer julle sal uitroep vir 'n diens soos hierdie. Julle sal nie so angstig wees om op te staan en uit te gaan nie, sal dan te laat wees. Julle sal beslis uitgaan, uit in 'n Ewigheid in sonder God, sonder. . .

206 Julle noem my julle. . .'n profeet, ek noem myself nooit so nie, julle noem. En waarnatoe het die Woord van die Here gekom? Wat beteken die woord *profeet*? "'n Goddelike openbaarder van die Goddelike, geskrewe Woord." Dan maak jy jou eie interpretasie, en neem dit bo die ware Woord. Tekens en wonders bewys of dit reg is of nie. God het vir hulle gesê hoe om dit te weet: "As wat hulle sê gebeur, dan is dit reg, as dit nie is nie, is dit nie." Nou, beoordeel jy jouself.

207 Jy beter na God vlug, Pinkster, terwyl jy 'n kans het. Moet julle nie net een of ander idee aanvaar dat "Ek in tale gepraat het, en dit dit alles beteken," nie. Dis net so ver as Metodiste wat skree, Lutherane wat handskud. Kom liewer na God toe.

Terwyl ek wag,
Oorgegee. . .

208 Nou onthou, na hierdie boodskap, vanmiddag, is ek vry van alle mense se bloed, die diens is gepreek in Chicago, ek het julle gesê SO SPREEK DIE HERE, ek het dit vir julle bewys deur die Skrifte dat ons aan die einde is. Nou, is ek nie skuldig aan enige mens se bloed van nou af nie.

209 Ek wonder hoeveel Christene, daarbuite, sou opstap na die altaar, en bid saam met hierdie mense hierrond, wat rondom die altaar staan, en bid? Enige van julle Christene, wat gevul is met die Heilige Gees, graag hiernatoe wil kom, en bid saam met hierdie mense?

. . .my en maak my
Volgens U wil,

Terwyl ek wag,
Oorgegee en stil.

210 Abraham en sy Saad na hom, Abraham en sy Saad. Laat ek julle iets vertel. Net ’n paar dae gelede was ek in Kalifornië in ’n groot denominasionele kerk, Pinksterdenominasie, ’n paar mense het na die altaar toe gekom, vier of vyf, nadat ’n harde boodskap gepreek is, en toe het vier of vyf sondaars opgehardloop na die altaar, oor mekaar geval. Ek moes smeek en mense oorreed om saam met hulle te kom bid. Ek het dit gedoen vir ’n doel vanmiddag, kyk wie sou opkom, en onder omtrent driehonderd mense, kyk wat kom om te bid.

211 Wel, die Kentucky Baptiste daaronder in die berge, waar ek gebore is, sou die Pinksters laat skaam voel vir hulself, een siel sou opstaan en na die altaar toe kom, sal daardie hele kerk reg rondom hom wees, wat probeer om . . . so dankbaar teenoor God dat een siel ingekom het. En dan is ons Abraham se Saad, ons het al die ywer verloor wat ons ooit gehad het. Sien wat ek bedoel? O God!

212 Laat ons ons hoofde buig. Aan julle mense by die altaar hier, ek wil hê julle moet nou lewe aan Hom oorgee. Onthou, ek gaan julle daardie oggend ontmoet, ek gaan rekenskap gee van hierdie boodskap vanmiddag. Ek was in Chicago van die begin van my bediening af, soos dit nou eindig. Ek kan nie ’n profeet en ’n evangelis op dieselfde tyd wees nie, een bediening sal binnekort sy plek inneem.

213 En die keer op keer, hoe ek hier in Chicago was, uur na uur gestaan het, van hart tot hart saam met julle, het julle my ooit enigiets in die Naam van die Here hoor sê, wat nie die waarheid was nie? As dit is, vra ek julle om dit te kom korrigeer. Nee, meneer, dis nie bekend nie. Dan sê ek vir julle, in die Naam van die Here, onder so ’n toestand: As julle hiernatoe gekom het vandag, God julle gelei het, is hierdie die uur van julle verlossing, as julle dit met julle hele hart sal glo. Ek wil hê julle moet net, net nederig, net alles bely wat julle gedoen het wat verkeerd is, voor God, sê: “God, ek is jammer daaroor. En nou is ek hier, wil hê U moet my die doop van die Heilige Gees gee. Skenk dit.”

214 En terwyl ons die diens afsluit, met julle om die altaar hier, wat bid, gaan ek die gemeente vra, en almal, om in gebed te staan. Julle hande op mekaar, om die altaar hier, julle mense saam met diegene.

215 Ons Hemelse Vader, ons bring na U toe, vanmiddag, die—die vrugte, of, die opgetelde gerwe, die land is lank gelede geoes, en ons tel na-oes gerwe op soos Rut. Hoe goed weet ons evangelisbroers hierdie dinge! Ons Broer Tommy Hicks hier, Broer Oral Roberts, en Billy Graham, en hoedat—dat hulle weet dat ons net gerwe optel in Amerika, kyk of ons ’n stingel *hier* kan vind, of *daar*. Ons weet die einde is op hande.

216 Vader God, hierdie wat gekom het, U het gesê in U Woord: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie." En ook: "Dat niemand kan kom, as My Vader hom nie eers trek nie. En almal wat na My toe kom, Ek sal hulle Ewige Lewe gee, en hom oprig in die laaste dag." Dis U belofte, Here. En as U dienskneg, en die vrugte van hierdie boodskap, gee ek vir U hierdie soekers by die altaar, ek gee hulle vir U, Here, as U dienskneg, in gebed.

217 En saam met al hierdie ander diensknegte van U, wat hier staan, wat getuies is van U opstanding, getuies van die krag van God, en ons staan hier, diep, Here, opreg uit ons hart, en glo dat U die Seun van God is, glo dat U kom, en al hierdie verskriklike gesigte wat ons sien en hoor, die nasies wat skud, en Israel na haar tuisland sien gaan, die nasies is ontsteld, sien geheimsinnige gesigte oor Washington, verskriklike dinge op die aarde, verwarring van 'n tyd, en spanning onder die nasies.

218 Spanning, so 'n spanning, hulle is almal so senuweeagtig, hulle weet nie wat om te doen nie, elkeen met atoom- en waterstofwapens, wat versteek is in die geheim, net wag vir die ander een om 'n skuif te maak. Eendag 'n fout, sal te veel vodka gedrink word of iets, dan sal 'n missiel in 'n skerm invlieg, dan hier gaan dit. God, U het dit belowe, en ek glo U.

219 Noag het in die arkdeur gestaan, en vir 'n sterwende volk gepreek. En vandag, staan die ware, wedergebore man van God in die Deur van Jesus Christus, en wys vir die mense die Uitweg, nie 'n kerk nie, nie 'n organisasie nie, maar die Deur, Christus. Mag hierdie mense net nou na die Deur toe kom, aan die Deur klop. Ons weet daar sal 'n verwelkomende hand wees wat uitreik, en sê: "Kom, julle geseëndes van My Vader, gaan in die vreugdes in wat vir julle voorberei is vanaf die grondlegging van die wêreld, want niemand kon kom, behalwe hulle wat Hy vantevore geken het nie." En hulle het vanmiddag gekom, en ek gee hulle vir U, as U dienskneg, en as U mense. Skenk dit, Here, aan elkeen van hulle, in die Naam van Jesus Christus.

220 En terwyl elke persoon hierbinne, julle mense wat rondom die altaar is, deur geloof, deur geloof, jy hoef nie een ding te voel nie, maar in jou hart . . . Nou, hoe het julle hiernatoe gekom? God, daaragter in die gehoor, het julle hiernatoe getrek. Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom as My Vader hom nie trek nie. En hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe." En daar's net een vorm van Ewige Lewe, dis die Heilige Gees. Nou, as julle sal glo, met julle hele hart, dat God julle die Heilige Gees sal gee, julle hande sal opsteek, en sê: "Dankie, Here, ek het nou hiernatoe gekom om Dit te ontvang."

Almal van julle buite in die gehoor wat saam met hulle glo, steek julle hande op, en sê: "Here, ons staan gereed vir die Heilige Gees."

221 Broer Tommy Hicks, ek wil hê jy moet nou kom, en oor hulle bid, net hier. Ja, meneer. Almal . . . ? . . .

61-0423 Abraham En Sy Saad Na Hom
Stephen Mather Hoërskool
Chicago, Illinois V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org